ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# VDM

Jaargang 3/1 Nommer 5 April 1993

## 666

Van kleins af word die meeste gelowiges verskriklik geboei deur die simboliek van Openbaring veral deur die 666 van hoofstuk 13. Die hoofrede is seker omdat 'n mens maar van nature bang is. Jy moet darem hierdie nommer ken of verstaan sodat jy nie nou nodig het om 'n chap te gaan staan en kry nie, maar darem nog steeds kan koop en kan eet en kan drink.

> *Openbaring is juis geskryf, nie om bang te maak nie, maar om te troos.*

Die goeie nuus is dat Openbaring juis geskryf is, nie om ons bang te maak nie, maar om ons te troos. Vreesagtige bygeloof oor 666 straatnommers ensovoorts is dus geheel en al onnodig. Hierdie getal word juis hier uitgespel om vir ons te sê ontspan, al gebeur wat, al floreer die 666 hoe ook al, wees getroos want julle is meer as oorwinnaars.

Dit is die boodskap waarmee Johannes sy eerste lesers bemoedig het. Onthou die boek is in die eerste plek vir hulle geskryf en as ons mag dink ons leef in moeilike tye dan moet ons nie eers praat van hulle omstandighede nie.

'n Mens het toe nie net 'n buiteband om die nek gekry nie, nee jou hele lyf is met pik besmeer sodat jy lig kan gee vir Nero se tuinpartye. En dit, nie omdat jy aan 'n ander politieke party behoort het nie, maar bloot omdat jy in Christus geglo het. Moet ook nie vergeet van die leeus vir wie die christene lewendig gegooi is nie en dit bloot vir die ontspanning en vermaak van die skares in die pawiljoen.

Dis in diè situasie wat Openbaring kom en vir hierdie gelowiges in verdrukking sê moenie kommer nie. **Wees getroos, die Here God is groter as keiser Nero,** wie se naam, met so bietjie Joodse gemeet en pas, kon uitreken op 666.

Met al die sluipmoord en doodslag in ons land, met al die stukkende vensters en boikotte van wie weet wat alles hoor mens dikwels gelowiges sê: "Nou kan nog net die Here ons red." Dis waar, maar dit was gister en in 1948 en 2000 jaar terug ook waar. Net Hy alleen kan dit doen.

Daarom hoef ons nie te kommer nie, want God doen juis dit. **Hy red, vandag en ook môre.** Hy was toe, en is nou steeds groter as die wêreldse magte. Sy kerk, ons, hoef dus nie te vrees vir die Antichris en sy trippel 6 nie. God is groter en sterker. Hy het die dood oorwin en maak ons nou ook meer as oorwinnaars.

Daarom gebruik ek die moderne tegnologie en my Visakaart met groot vreugde al verkondig sommige pinkstermense wyd en syd dat dit die Antichris met sy 666 in lewende lywe is. Dis tog duidelik sê hulle: "Die **VI** is die Romeinse 6, die **S** weer staan vir die Engelse Six en voor die hand liggend is die **A** die sesde letter van die Hebreeuse alfabet, ek meen die Griekse alfabet, ek meen die Egiptiese of is dit nou die Sumeriese of Sjinese alfabet?"

Na deeglike navorsing deur al wat alfabet is sonder om die nodige resultaat te bereik breek dit toe uiteindelik deur, dit is die sesde musiek noot op die toonleer as jy by middel C begin, natuurlik! Daar het jy dit, die 666, die Antichris binne in jou beursie. En al die tyd dog ons die swak ekonomie is die regering se skuld!

Wat 'n uitstekende voorbeeld van inlees in plaas van eksegese. As hulle die A nie daar as sesde letter gekry het nie sou hulle dit in die sesde

kleur van die reënboog gekry het, mits jy by indigo begin en onderstebo deur die agterpoot van 'n sprinkaan daarna kyk!

*Pasop net, jy kan dalk ook in pas, dit hang net af watter alfabet jy gebruik en waar jy begin.*

Op dieselfde wyse kan jy die politici, vanaf Hitler, dwarsdeur Mandela tot by De Klerk, met nommerspeletjies(gematria) as die Antichris etiketteer. Pasop net, jy kan dalk ook in pas, dit hang net af watter alfabet jy gebruik en waar jy begin.

Intussen hoop ek die tegnologie gaan so vinnig vooruit dat ons een van die mooi dae regtig 'n nommer op die hand kan kry, want silikon of wat, ek is voor in die ry. Nie net omdat ek 'n sucker vir foefies is nie, maar dink net, verby is die dae van soek na 'n kredietkaart, om van steel nie eens te praat nie.

So 'n fisiese nommer op die hand of waar ook al hoef geen gelowige twee keer te laat dink nie, want kyk ons na Openbaring soos ons moet, sien ons, ons het hier te doen met 'n simboliese getal, wat op die **regterhand** en die **voorkop** kom as simbole van dit wat jy **doen** en **dink**.

Die 666 weer is simbool van die Antichris. Dit wil aantoon hy is, nie net 'n 6 wat dui op die onvolmaakte nie, maar trippel 6, volmaak onvolmaak. Kort en klaar, baie sleg! Deur hierdie syfers nou letterlik op te neem mis ons die diepte van die simboliek. So kyk ons vas in die nuutste tegnologie as bedreiging terwyl ons onsself blind staar teen die werklike aktiwiteite en optrede van die Antichris.

Waar wil jy 'n beter praktiese voorbeeld kry van hierdie teken op die regterhand en die voorkop as dit wat nou in die land gebeur? As jy nie doen(met die 666 op jou hand) en dink(met die 666 op jou voorkop) soos ek nie, dan sal ek jou nie toelaat om te koop nie(v.13). Dan gooi ek jou mieliemeel op die grond uit en sal ek jou selfs doodmaak en sonder om te blik of te bloos dit op nasionale TV nog verkondig ook. Boonop kan ek nie kwalik geneem word daarvoor nie, want dis jou eie skuld. Jy wil mos nie die verbruikersboikot ondersteun nie.

Dis duidelik die Antichris is nie in Switserland se 34-verdieping rekenaar van waar Orville se big brother ons almal dop hou nie. Dis ook nie in die hedendaagse slim kaarte of in die supermarkte se strepieskode nie, dink net vergiftigde voedsel kan nou met die druk van 'n knoppie opgespoor en verwyder word. Nee die Antichris is nie op een of ander sinistere manier verskuil in die tegnologies ontwikkeling nie, hy loop oop en bloot in ons strate rond en maak amok.

En wat doen die kerk? Skrik, en wel soveel so dat ons terug amok maak, dat ons sluipmoordenaars uit stuur, dat ons bewapen en mobiliseer vir die slag van Armaggedon. Nee beslis nie!

Ons is anders, want ons het nie 'n 666 op ons voorhoofde en regterhande nie. Ons is beseël met 'n 7 oftewel 'n 777 op ons voorkoppe. Ja, ons regterhande, behoort aan die Here. Ons mag nie toelaat dat politici, aan watter kant ook al ons bring by 666 dade en of 666 denke nie. Nee, ons kan en moet nes die gelowiges aan wie Openbaring heel eerste gerig was, vandag getroos wees in ons **doen** en **dink**, want ons is meer as oorwinnaars, in lewe en in sterwe.

*'n Fisiese nommer op die hand of waar ook al hoef ons as gelowige nie twee keer te laat dink nie, want ons het hier te doen met 'n simboliese getal, wat op die* **regterhand** *en die* **voorkop** *kom as simbole van dit wat jy* **doen** *en* **dink**.

Ons hoef nie te skrik nie vir die dade en denke van die Antichris in watter gewaad hy ook al geklee is nie. Ons kan skrik ja, wakker skrik en onverskrokke voortgaan om ons roeping in hierdie wêreld uit te leef. Ons kan in hierdie wêreld gaan **doen** en **dink** soos profete en priesters en konings van die trippel 7 totdat Hy weer kom.

Ons kan dit doen want die verdrukking wat ons nou ondervind is niks teen wat die kerk al moes deur maak nie en dit weeg nie op teen die heerlikheid wat vir ons wag nie.

Daarom staan ons sterk in die stryd teen die Antichris, nie met wêreldlike wapens nie, maar met die Woord van God. Te midde van die geweld gaan die kerk onverskrokke voort om hierdie evangelie te verkondig sodat die wat ore het kan hoor en God alles in almal kan wees.

Danie O'Reilly
Ned. Geref. Kerk Benoni-Oos

# RED DIE DOOP MENS??

Ten spyte van 1 Pet 3:20: "die doop, waardeur julle ook nou gered word" is ons gereformeerdes nie voorstanders van ex opere operatio nie.

Nee, die Subjek van die doop(die drie-enige God) red mens. Maar, Hy gee ons Sy Woord en dié doop om ons van Sy redding te verseker.

**So red die doop mens?** Ek weet nie meer nie, want: Sê ek die doop red nie, dan sê ek die waarborg is ongeldig en God lieg met die doop.

Sê ek die doop red wel, dan kan mense dink die doop as sodanig red en nie die Inisieerder en Borg nie.

**Ek gaan 'n "definisie" waag:** Wanneer die, let wel: die, Evangelie verkondig word(dit wil sê, wanneer die drie-enige God die Subjek en Inhoud van die Evangelie is), daar gebruik die Heilige Gees die doop om ons in die redding van die drie-enige God in te sluit.

Hennie van Schalkwyk
Ned. Geref. Kerk Malvern

# met HART en mond en hande

Met lofprysing steeds hoog op die agenda is dit belangrik dat ons sal uitvind wat presies is die verskil tussen lofprys en die gewone alledaagse prys? Alhoewel dit duidelik 'n retoriese vraag is, hoop ek tog net nie dat dit op dieselfde wyse verskil as wat 'n ego boost verskil van dankie sê nie!

Natuurlik sê niemand die geopheffery is sonde nie, maar niemand sal ook seker te hard stry dat die gevaar van 'n uiterlike en natuurlik 'n vertoongodsdiens lewensgroot staan en loer nie.

Op dieselfde wyse is die nie-opsteek van hande voor die hand liggend natuurlik ook nie verkeerd nie. Die wat dit egter binne ons gereformeerde tradisie met sy eiesoortige spiritualiteit wil doen moet ons ander dus nie snaaks aankyk as ons hulle snaaks aankyk nie. Dit is en bly vir ons vreemd en soms selfs aansitterig.

Bowenal doen ons dit nie so nie, want ons doen dit nie so nie!

Een van ons prowwe in praktiese teologie het toe party ouens geworstel het met die hart en mond en **hande** van Gesang 5, verduidelik dat dit dui op diens waar ons leef en werk en dan afgesluit met: "Julle moet minder met die hande bodder en julle meer met die harte besig hou".

Dawid

REDAKTEUR: Danie O'Reilly
TEGNIESE REDAKTEUR: Jaap Naudè
MEDWERKERS: Soos vermeld per bydrae.

ADRES: Die Redakteur, Posbus 8005, Putfontein, 1513.
Tel. (011)969-4992

KOSTE: Intekengelde beloop R 24.00 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R 6.00

FREKWENSIE: VDM verskyn telkens as hy gereed is, maar nie minder as vier keer per jaar nie.

ISSN 1017-6837 VDM-no.5 jg 3/1 April 1993

**Preekskets Nuwe Testament**
**Galasiërs 5: 2-25**

# ROEIBOOT OF SEILBOOT?

## Ons lewe deur die Gees

**Wanneer mens die Galasiërs brief lees, val die erns waarmee hy geskryf word 'n mens dadelik op. Dit word baie duidelik gestel dat as jy probeer om deur wetsonderhouding vrygespreek te word, jy die band met Christus verbreek en so die genade van God verbeur(v.4).**

**Daarteenoor laat die Gees ons vertrou dat ons deur geloof alleen vrygespreek word. Dit word onderstreep dat al wat van belang is, die geloof is wat deur liefde tot dade oorgaan.**

So half moedeloos gaan hy dan voort in vers 7 as hy sê: "Julle was so goed op pad". Maar nou het julle van die genade van God afvallig geword en 'n ander evangelie aan geneem(1:6).

Ja, deur die toedoen van dwaalleraars het die geloof alleen te min geword. Dit was vir hulle nie meer genoeg nie. Dit moet nog aangevul word deur wetsgehoorsaamheid. Meer 'n mens moet liewer volgens die wet gaan 'ewe, die wet wat duidelik sê jy mag nie dit en dat nie, die wet wat uitspel dat jy so en so moet maak.

Die verskil tussen die lewe deur die Gees en die lewe onder die wet waarvan hier in Galasiërs gepraat word kan maklik aan die hand van die lewe op 'n roeiboot teenoor die lewe op 'n seilboot verduidelik word.

| **ROEIBOOT** | **SEILBOOT** |
|---|---|
| Onder **WET** | Onder **GEES** |
| Hulle werk haal vir haal en so beur hulle vorentoe. | Hulle stuur net die boot en sien hoe die wind teen die seile die boot voortdryf. |
| Hulle sit met die rug na die eindpunt. Hulle is die ene konsentrasie. | Gesigte na eindpunt. Hulle kyk vorentoe in afwagting op die eindpunt. |
| Moedeloosheid dreig om hulle te oorval. | Blydskap. |
| Joods-wetties | Evangelies |

Besluit bietjie self waar pas jy in? Is jy nie ook maar iemand wat weer maklik-maklik begin roei nie? Iemand wat wil roei omdat jy nie glo dat die wind alleen gaan jou by jou bestemming bring nie.

Hierdie wettiese geroeiery veroorsaak dat ons 'n klomp rugryers word wat Sondag te skuldig is om kerk toe te kom terwyl die wat darem nog die moed het om te kom weer skoon te moeg en moedeloos gesukkel is om werklik te aanbid.

Is dit nie ook nie waarom ons 'n kerk is wat daarvan hou om te hoor wat die volgens die Dominee hierdie keer die sonde van die week is? Is dit waarom die predikant om enige reaksie te verkry heftig daarteen beswaar moet maak en so af en toe met die hel moet dreig?

Is dit omdat hy die galeikaptein geword het? In 'n roeiboot is daar mos 'n aandrywer('n cox noem hulle dit). Hy moet die roeiers motiveer,

**Vervolg op bl. 6**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

IMPALA
SPECIAL TOURS & COACH HIRE
SPESIALE TOERE EN BUSHUUR
I/T Reg No. 73/01335/07
IMPALA TOURS (Pty) Ltd • TOERE (Edms) Bpk

IMPALA TOERE
Tel: (011) 974-6561
Fax: (011) 974-1346

IMPALA TOERE
POSUS 1900
KEMPTON PARK 1620

## AAN ELKEEN WAT AS LEIER MET MENSE WERK

*Na aanleiding van verskeie navrae deur predikante en toerleiers in gemeentes gee ons graag die volgende inligting deur...*

Impala Toere beskik oor hulle eie vloot luukse en semi-luukse busse. Twee jaar gelede is verder uitgebrei met die aankoop van die ou Rondalia Oord in Hibberdene wat tans as Hibberdene Leisure Resort bedryf word.

Impala bied tans ook die volgende dienste aan:

1. Jan Smuts-Pretoria & Jan Smuts-Johannesburg
2. Busverhuring
3. Opvoedkundige Toere
4. Ekonomiese Toere.
5. Daguitstappies

**Neem jou kinders en jongmense saam of motiveer die seniorburgers in jou gemeente om gebruik te maak van een van ons ekonomiese toere. Ons betaal kommissie vir elke bespreking. Vir 30 of meer toerlede gaan die toerleier gratis en verniet saam.**

*Met ons heerlike toere kan jy dus baie ekstra fondse inwin terwyl jy met jou lidmate besig is in 'n ontspanne atmosfeer. So lewer jy 'n groot bydrae tot ontspanne vakansiegenot vir oud en jonk. Tegelykertyd ontwikkel daar 'n gesonde gemeenskapsgevoel onder die lidmate wat tot groot voordeel van die gemeente sal strek.*

**VIR JOU EN JOU JEUG, KERKRAAD, SENIORBURGERS...ALMAL WAT**

## 'N KAMP DUISEND VERDIEN

**het ons die volgende gerieflike pakkette vir jou toerustingsgeleenthede saamgestel:**

BINNE SEISOEN
APRIL & DESEMBER SKOOLVAKANSIE
*(Tariewe geldig vanaf Desember 1993)*

**PAKKET A-Bed, ontbyt en aandete**
R 52,00: per persoon per dag
Kinders onder 12 jaar: R 26,00 per kind per dag
Kinders onder 3 jaar: GRATIS

**PAKKET B-Bed en aandete**
R 42,00: per persoon per dag
Kinders onder 12 jaar: R 21,00 per kind per dag
Kinders onder 3 jaar: GRATIS

BUITE SEISOEN
RES VAN DIE JAAR
*(Tariewe geldig tot Desember 1993)*

**PAKKET A-Bed, ontbyt en aandete**
R 52,00: per persoon per dag
Kinders onder 12 jaar: R 26,00 per kind per dag
Kinders onder 3 jaar: GRATIS

**PAKKET B-Bed en aandete**
R 42,00: per persoon per dag
Kinders onder 12 jaar: R 21,00 per kind per dag
Kinders onder 3 jaar: GRATIS

*Ons sien uit om jou te verwelkom by*

**HIBBERDENE LEISURE RESORT**

ISSN 1017-6837 VDM-no.5 jg 3/1 April 1993

Vervolg van bl 4

dryf, daarom het hy soms selfs 'n klankversterker nodig.

'n Seilboot daarenteen word deur die wind gedryf en het net 'n stuurman wat die rigting bepaal deur die vingers liggies op die stuur te hou.

'n Roeiboot beweeg van die een golf se kruin tot die volgende kruin want daar kry hy weer nuwe spoed vir die helling wat voorlê. Intussen word hy deur al wat golf is heen en weer rondgeslinger terwyl hy probeer koers hou. Is dit waarom ons so naarstiglik soek na herlewings sodat ons weer opgecharge kan raak vir die flou tye wat kom, terwyl ons deur elke nuwe gier en manier op sleeptou geneem word.

*Om te hoor ons is vry en ons mag dit glo en dankbaar so gaan lewe, het heeltemal te min vuur in en is te maklik om waar te wees.*

'n Seilboot vaar rustig deur al die dieptes en hoogtes in die rigting wat die wind hom vat. So hy hou hy ewe maklik sy koers ten spyte van al die golwe se op en af. As jy deur die Gees beheers word dan soek jy hervorming en nie herlewing nie, want jy weet jy leef. Dan word jy nie deur elke gevoelsskommeling op en neer geneem in jou geloofslewe nie. Jy weet jy is veilig onder die sorg van die Gees.

Maar nee rugryers, wil ons wees. Seilbootvaarders? Nie maklik nie, want om te hoor ons is vry en dat ons dit mag glo en dankbaar so kan gaan lewe, het heeltemal te min vuur in en is te maklik om waar te wees.

*Algaande word die een dan 'n groter christen as die ander, afhangende van die gehoorsaamheid aan die wet.*

Hierdie terugkeer na die wet het egter die noodwendige gevolg dat hulle, hulle saligheid, hulle vryspraak baseer het op die nakoming van die wet(v4). En dit is suiwere Fariseïsme. Om met genoegdoening jou bors uit te stoot en te sê: "Ek maak nie dood nie of ek is besny". En dan juis na ander vinger te wys en te sê: "Jy sê jy is 'n christen, maar jy is nog nie besny nie - jy maak nog dood, vloek, drink ens."

So word die een dan 'n groter christen as die ander afhangende van die gehoorsaamheid aan die wet. Daarom het hulle mekaar gebyt en verskeur, want ek kan my goed voorstel dat daar in 'n roeiboot nogal 'n woeste gespartel en bakleiery kan wees as iemand reken een van die ander trek skeef of roei nie hard genoeg nie.

*Hulle byt en grom nie omdat hulle sonder die wet is nie maar juis omdat hulle onder die wet as slawemeester staan.*

Hierdie gebyt en gegrom gebeur egter nie omdat hulle sonder die wet is nie maar juis omdat hulle onder die wet as slawemeester staan. Op die seilboot van die Gees is daar egter heerlike harmonie as die seile bol in die wind, want die voortgang en vordering van die skip is nie in die matrose se hand nie. As die seilboot nie reg of vinnig genoeg beweeg nie sal dit nie help as die matrose onder mekaar baklei nie, daarom gebeur dit dan ook nie.

Hierdie vryheid van gelowig wees is egter te maklik vir die roeiers. 'n Mens kan te maklik dink jy kan maar voortgaan met die sonde(sic). 'n Mens kan te maklik dink dat jy op 'n seilboot maar agteroor kan lê en ontspan. Daarom moet jy eerder opgaan in die wet. Jy moet maar eerder jou spane uithaal en jou met **groot ywer toelê** om nie onsedelik te lewe nie, nie losbandig te lewe nie, nie vyandskap en haat te koester nie.

*So 'n strewe na wetswerke deur roeiers is agteruitgang, want dit is niks anders as ongeloof nie. Dit breek die band met Christus(v.4)*

So 'n strewe na die wetswerke is vir roeiers belangrik want daardeur reken hulle bring hulle darem hulle kant om so deur gehoorsaamheid God te behaag. Dit is egter agteruitgang, want dit is niks anders as ongeloof nie. Dit breek die band met Christus(v.4)

Nadat Paulus vir hulle hierdie gevare aan wetsgebondenheid uitgewys het, verseker hy hulle weer dat hulle egter tot vryheid geroep is(v.13). Hulle is vry mense wat nie meer onder die wet staan nie. Dit is juis die blye boodskap van die evangelie - In Jesus Christus is hulle vry.

*Laat julle deur die Gees beheers, los die geroei!*

Dit is daarom onbegryplik hoe hulle nou kan maak asof hulle nie vry is nie en mekaar kan byt en verskeur asof hulle nog al roeiende onder die wet staan. Juis daarom roep hy hulle in vers 16 op, nie om die wet na te jaag nie(te begin roei nie), maar om hulle deur die Gees van God te laat beheers. Juis om die geroei te los.

Ons worstel vandag nog met presies dieselfde stryd tussen die wet en die Gees, want ons het twee nature in ons. 'n Dooie en 'n lewende een(v.17). Eintlik 'n spook en 'n lewende een, want die sondige begeertes staan altyd maar weer soos 'n spook voor ons.

En hierdie spook is algemeen bekend(19): onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Paulus noem hierdie spook, die sondige natuur se praktyke en wel in die meervoud, want dit is die wetswerke van die mens wat nog onder die wet staan(v.18).

*Die vrugte van die Gees word nie deur 'n proses van eie inspanning "een-vir-een" verwerf nie. Dit word deur die Gees as gawe alles gelyk gegee, want dis een vrug.*

Daarteenoor kry ons die nuwe lewe, die vrug van die Gees met sy nege geure, liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit word met die enkelvoud aangetoon want dit is die vrug van die Gees en nie vrugte nie. Al hierdie gawes, al nege, word meteens deur die Gees aan ons gegee. Dis nie 'n proses waardeur ek deur eie inspanning die "vrugte een-vir-een" verwerf nie. Dit word as gawe alles gelyk gegee, want dis een vrug.

Hierdie twee nature is beide daagliks in ons lewens, want hierdie neiging tot verdienste dreig elke dag om die geloof in ons harte te oorwoeker en ons weer slawe van die wet te maak. Ja, hierdie stryd van die Gees teen die sondige natuur in ons is deel van ons daaglikse lewe.

Ons moet elke dag kies tussen die **wet** of die *evangelie*. Tussen die **wetswerke** wat die band met Christus verbreek(v.4) of *liefdesdade* wat die Gees deur geloof voortbring. Tussen die **wet** met die **praktyke van die sondige natuur** of die *evangelie* met die *vrug van die Gees.*

**Ons staan in die verantwoordelikheid om in die geloof alleen te volhard waardeur die Gees die vrug in ons lewens sal werk. Of om in ongeloof as gevolg van ons sondige natuur onsself onder die wet te stel.**

*Vryheid onder die Gees beteken nie dat ek nou maar mag sonde doen nie(v.13), of dat die wet nou nie meer belangrik is nie. Natuurlik moet jy jou naaste liefhê soos jouself(v.14), maar gehoorsaamheid aan die wet het onder die Gees 'n totaal ander karakter as onder die wet.*

As ek kies vir die vryheid onder die Gees beteken dit voor die hand liggend nie dat ek nou maar mag sonde doen nie(v.13), dat die wet nou nie meer belangrik is nie. Natuurlik moet jy jou naaste liefhê soos jouself(v.14), maar gehoorsaamheid aan die wet het onder die Gees het 'n totaal ander karakter as onder die wet.

Die verskil word duidelik as jy besef dat alhoewel daar op albei bote werk is, die aard van wat jy doen is egter geheel verskillend van mekaar verkil. Net so het my werke onder beheersing van die Gees nie nou meer die karakter van wetswerke nie. Dis nou geloofswerke wat bloot die seil ophou.

Dit kom daarop neer dat die Gees die wil in my hart skep om dit te wil doen, terwyl dit by die wetswerke iets is wat ek self moet skep. Onder die Gees moet ek bloot die liefde wat my seile laat bol, die liefde wat ek kry uitleef. Onder die wet moet ek as galeislaaf dit self skep, ek moet dit self kry.

**Prakties kom dit daar op neer dat ek byvoorbeeld nie my self geduldig hoef te maak nie. Dis 'n gawe wat die Gees my gee(gegee het). Vanuit dit as geskenk moet ek doodeenvoudig geduldig lewe. Onder die wet moet ek egter deur inspanning myself geduldig maak. Dis iets watek nog nie het nie, maar deur toewyding moet verkry.**

Anders gestel die roeier en die seilbootvaarder het wel albei hulle naaste lief, maar vir die een is dit 'n daad soos in roei, harde werk. Vir die ander is dit sport(s), is dit ontspanning, is dit vreugdevol as deel van sy lewenstyl onder beheer van die Gees.

As jy dit besef laat dit jou nou voor 'n keuse. Wie is jy? 'n Werker(roeier) op 'n slawegalei of 'n matroos van 'n sierlike seilskip. Vir die leraars, wie is jy, die slawedrywer wat Sondae die sweep klap of die loodsman onder beheersing van die Gees.

Hoe dit ook al sy, moenie laat iemand jou verhinder om die waarheid te bly gehoorsaam nie(v.7). Moenie laat iemand jou ompraat nie(v.8). Meer nog moenie ander verwar nie, jy kan dalk ontman word(v.12).

Wees daarom op jou hoede, want hierdie roeibootkerk is nie maar net nog 'n manier van kerk wees nie. Dit is 'n valse kerk, die band met Christus is verbreek(v.4)

Ja, wees op jou hoede. En laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word(v.16)

Anoniem[1]

---

# Regverdiging deur die geloof
## volgens Ernst Käsemann.

Vir Paulus is geloof nie vroomheid nie. Die strengste vroomheid en moraliteit kan juis die kleed van goddeloosheid wees.

*Die strengste vroomheid en moraliteit kan juis die kleed van goddeloosheid wees.*

Paulus sien christelike geloof nie as 'n menslike moontlikheid uit en in homself nie, en daarom kan geloof nie in terme van die mensdom gedefinieer word nie. **Om geloof te definieer moet mens sê wie is God.**

Paulus doen dit in sy leer oor regverdiging, deur van God as die Skepper wat uit niks skep, te praat. Geloof is die "ja" aan die boodskap van hierdie God. Dit is dus die belydenis dat hierdie God net die goddelose en dan ook net die goddelose, regverdig maak.

"Goddelose" beteken meer as "nie-vrome". Dit is die beskrywing van die persoon wat radikaal te doen kry met die Skepper en wat leer dat hy nuut geskep moet word in genade.

Hierdie mens het niks waarop hy hom kan beroem of op beroep nie, behalwe op God se skeppende geregtigheid. Die geregtigheid van God is 'n proklamerende gebeurtenis. Dit is die eskatologiese daad van die Regter op die laaste dag wat prolepties(terugspringend) in die hede plaasvind.

Dit is die aankondigende Woord van God, waarmee Hy die Goddelose alleen om Christus ontwil regverdig maak. Dit is die skeppende mag van die Goddelike Woord waardeur 'n nuwe skepsel tot stand gebring word en behou word onder die Woord.

**Onder die geklank van hierdie Woord staan 'n dooie op uit die dood, om nooit weer te sterf nie...**My hart wil gaan staan ...of is dit begin klop?

Hennie van Schalkwyk
Ned. Geref. Kerk Malvern

---

1 Hierdie preekskets met sy pragtige metafore het ek tussen my canfruit gekry, sonder naam. As dit joune is moet asseblief nie prokureur toe gaan nie. Die bedoeling is regtig nie bedrog oftewel plagiaat nie. My studenteleraar het buitendien altyd gesê daar is nie kopiereg op die evangelie nie.

NETWISE
Rekenaar Deskundiges

Posbus 434, Bloemfontein, 9300
Tel: 051 - 477744

KerkData

Gemeente Administrasie Stelsel

Die stelsel is reeds vir ses jaar in gebruik en daar is huidiglik meer as 250 geregistreerde gebruikers.

'n Demo stelsel is teen geen koste beskikbaar.

Vir meer inligting kontak Netwise. (051) 477744.

Die stelsel werk op die beginsel van wyke, besoekpunte en persone in die besoekpunte en sluit o.a. die volgende funksies in:

- die byhou van alle persone in die gemeente se persoonlike data insluitend unieke velde vir verskillende lewensstatusse.
- koppeling van persone in groepe bv diakens, dienswerkers, ens.
- die byhou van bywoningsregisters vir enige groep soos bv katagese.
- die rekord hou van besoeke aan lidmate gebring.
- die rekord hou van bydraes deur lidmate gemaak.
- die vermoë om navrae op die skerm te doen op al bg. data.
- die vermoë vir die uitdruk van verskeie lyste insluitend lyste vir persone besoek en nie besoek nie, verjaarsdag en huwelikslyste, asook die uitdruk van adresetikette en bydrae etikette.
- 'n verslaggenereerder vir die skep van verslae direk uit databasisse.
- die vermoë vir die uitdruk van lidmaatregisters vir die kerkargief.
- 'n katalogusfunksie vir die byhou van 'n boekery, kasettoteek, ens.
- 'n aparte volledige grootboek en kasboekstelsel wat oor 'n integrasievermoë met die administratiewe stelsel beskik.

# MORALITEIT, O MORALITEIT!

Aantekeninge by 'n moraliteitskonferensie van die drie Afrikaanse susterskerke in Pretoria.

*'n Saak wat by feitlik al die sprekers uitgestaan het is die feit dat ons as Kerk nie op die staat moet reken om morele standaarde in stand te hou nie, maar dat die* **Kerk**, *in die nuwe situasie wat ons binne gaan,* **sy roeping en taak om die Woord alleen te verkondig** *onverskrokke moet uitvoer. Hoe mooi en waar is dit nie!*

*Wat egter kommer wek is die geluide wat steeds gemaak word oor indikatief-imperatief, te veel Romeine te min Jakobus, evangelie vs wet, geloof teenoor gehoorsaamheid. Van te min geloof hoor 'n mens glad niks nie.*

*Dis jammer want* **wat ons hier saam bind is juis die Reformasie met sy credo van Skrif alleen, Genade alleen, Geloof alleen.** *In dieselfde asem is dit so dat die morele probleme van vandag en van alle tye veel eerder toegeskryf kan word aan ongeloof. Hierdie ongeloof(bygeloof?) word in ons dae aangehelp deur die feit dat die kerk nie meer Geloof alleen verstaan en verkondig nie.*

*Ons doen dit nie meer nie omdat ons bang is hierdie boodskap van Genade alleen, Geloof alleen sal 'n goddelose en immorele geslag kweek. Hierdie redenasie vergeet egter totaal van vraag 60 van die HK. Die sê juis* **so iets is onmoontlik omdat iemand wat** *deur geloof* **by Christus ingeplant is nie anders kan as om vrugte van geloof te dra nie.**

*Etiese optrede volgens die eise van die wet is dus vierkantig geanker in die evangelie van Jesus Christus alleen. Dit is wat ons maw moet verkondig, die evangelie, en nie die wet nie. So 'n verkondiging van Geloof alleen lei vanself tot 'n lewe van gehoorsaamheid. Wetsprediking daarenteen bring 'n wettiese gehoorsaamheid voort wat onteenseglik lei tot die dood.*

**Die wortel van alle immoraliteit lê dus in die wetsprediking waardeur die hart van die evangelie vernietig word. Die oplossing: verkondig Geloof alleen wat niks anders is as Christus alleen nie.** *Wat 'n heerlike roeping!*

Etienne

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# CHRISTUS IS DIE EINDE VAN DIE WET

## (DEEL 4)

*Christus is die einde van die wet, sodat elkeen wat glo geregverdig kan word. Regverdigmaking, anders as vryspraak, gaan nie net daaroor dat 'n mens onskuldig is nie. Dit gaan ook verder en veral daaroor dat 'n mens reg leef en reg geleef het volgens die eis van die wet van God. Hierdie betekenis van regverdigmaking wat die hoofmotief by Paulus is, kan glad nie met die vertaling "vryspraak" weergegee word nie.*

**Regverdigmaking deur die geloof in die Evangelie gaan nie net oor die vraag hoe die sondaar van skuld verlos word nie, maar dit gaan allereers oor hoe die mens reg moet leef en seker kan wees dat die wyse waarop hy geleef het vir God reg was. As Paulus in Romeine 9: 30 - 10: 4 'n gevolgtrekking maak van die betoog vanaf 1:1, is dit allereers 'n gevolgtrekking oor die wyse waarop die gelowige voor God reg leef.**

Dit is oor hierdie regte manier van lewe voor God dat Paulus dan met die gevolgtrekking kom dat Christus en die geloof in Christus, 'n einde maak aan die wet van God. Hierdie diepte van die Evangelie word deur die Pinksterisme ontduik deur voor te gee dat dit in hierdie wetseinde om die seremonies van die wet gaan en nie om die wesenlike inhoud van die Tien gebooie self nie.

Hulle is genoodsaak om hierdie diepte van die Evangelie te ontken omdat die hele begrip van "dissipelskap" en die "skoling" in dissipelskap, na die aksie van boetedoening, in die Pinksterisme niks anders is as die dissipline om nou reg te leef volgens die wet nie.

As Paulus sê dat Christus die einde van die wet is, dan gaan dit oor die wet soos hy dit in Romeine 2: 17-24 en 7: 1-25 aandui. **In beide hierdie gedeeltes gaan dit nie oor die seremonies van die wet nie, maar oor die inhoud van die Tien gebooie self.** Paulus dui dit aan deur die wette in die Tien gebooie, as voorbeelde van wat hy met wet bedoel, aan te haal. I.. die hele boek van Romeine, anders as in dele soos Kolossense 2:16-23, gaan die betoog oor die inhoud van die Tien gebooie en nie oor die seremonies van die wet nie.

> *In regverdigmaking gaan dit eerstens oor die vraag oor hoe die mens seker kan wees dat hy voor God reg is en voor God reg leef.*

Meer nog, die betoog van Paulus teen die Fariseërs gaan nie net oor hoe 'n mens van jou skuld vrygemaak word onder die wet nie of oor hoe om eendag in die hemel te kom nie. Die betoog gaan eerstens oor die vraag oor hoe die mens seker kan wees dat hy reg leef en is voor God.

Iemand wat beweer dat die Jode in Judaïsme sou voorgegee het dat hulle nooit die wet oortree nie, dat hulle nie geleer het dat 'n mens berou oor jou sondes moet hê nie, dat mens God nie om vergifnis moet vra nie of dat jy jou nie moes bekeer van jou sondes nie, is self 'n oortreder van die wet. Dis gewoon nie waar van die Judaïsme nie. Hulle het geleer dat die mens die wet oortree en dat die oortreder sy sonde moet bely, God om vergifnis moet vra en dan weer volgens die eise van die wet moes gaan leef.

Dat die Judaïste se dwaling sou wees dat hulle nie die Tien gebooie as die eise van die regte lewe sou geleer het nie, is ook 'n leuen. Die verkeerde betekenis wat hulle aan die seremonies van die wet gegee het sowel as al die ander wette wat hulle naas die Tien gebooie opgestel het as uitvloeisel van die Tien gebooie, het hoegenaamd nie beteken dat hulle nie die Tien gebooie in hulle lering geag het nie.

• Dit is nie die saak waaroor dit in Romeine gaan as Paulus sê dat Christus die einde van die wet is nie. Die kontras wat Paulus in die boek Romeine aan die orde stel gaan oor iets anders. Die Jode het reg probeer leef volgens die wet, hulle het die wet probeer onderhou en hulle sondes bely as hulle dit

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

oortree het. Dit was vir hulle die regte wyse van lewe.

Hierteenoor stel Paulus dat die Evangelie aan die wet as die regte manier om te lewe 'n einde gemaak het. Die regte manier van lewe is nie meer **om volgens die wet te leef nie , maar om uit die geloof in die Evangelie te leef.** (1:17).

> *Die regte manier van lewe is nie om volgens die wet te leef nie , maar om uit die geloof in die Evangelie te leef. (1:17).*

Met die vertaling van "regverdigmaking" met "vryspraak" het die bedoeling van Paulus so verduister geraak dat die teenstelling tussen "*die regverdige sal uit die geloof lewe*" (1:17) en "*uit die werke van die wet geen vlees voor God geregverdig sal wees nie*"(3:20), heeltemal verlore geraak het.

Meer nog, as Paulus sê "*Maar, nou is die geregtigheid van God geopenbaar* **sonder** *die wet...*" (3:21) gaan dit nie om die vryspraak van skuld, soos nuut vertaal nie, maar gaan dit juis om wat in Rom 10:4 as slotsom gestel word: die manier waarop mense voor God reg is en leef, is nie meer om volgens die wet reg te leef en reg te wees nie, maar om uit die geloof in die Evangelie te leef. Ook met die vertaling van Hab. 2: 4 is hierdie betekenis verander.

Anders as met die res van die NAV is hier nie 'n vertaling wat die bedoeling van die Skrif beter uitlig nie. Hier het 'n vertaling ingesluip wat die Pinksterisme se verstaan van Paulus akkommodeer.

Deur die begrip "regverdigmaking" so te vervang met die begrip "vryspraak" kan geredeneer word dat die "gewone mens" Paulus nou beter sal verstaan. Dit is egter nie die gewone mens wat Paulus met hierdie uitleg beter sal verstaan nie. Die mense wat die Woord volgens die begrip "vryspraak" beter sal verstaan is die mense in die Pinksterisme wat gered is deur hulle wettiese oorgawe en wat dan dissipels probeer wees deur skoling in die dissipline van 'n lewe onder die wet.

Paulus se afwysing van die feit dat die gelowige nog volgens die wet reg moet leef om vir God reg te leef, word duidelik uitgedruk in 6: 14 as Paulus sê: "*julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.*"

Hierdie uitdrukking verwys nie na die vraag oor hoe die mens van sy skuld voor God ontslae kan raak of oor hoe om in die hemel te kom nie. Dit gaan in hierdie verwysing van Paulus oor hoe om, in diens van God en nie in diens van die sonde nie, te leef hier op die aarde. Vgl. Rom 6: 1 en 2 en Rom 6: 12-14. Om in diens van God "reg" te leef geld die beginsel dat ons nie meer onder die Wet van Moses, dit is die Tien gebooie, staan nie, maar onder die genade.

Om enige onsekerheid oor sy bedoeling uit die weg te ruim gebruik Paulus dan die voorbeeld van 'n vrou wat deur die wet aan haar man gebind is.(Rom.7:1-6)

> *Die sterwe van die gelowige in Christus, maak dat die wet nou net so min bindend op die gelowige is, as wat die wet nog binding het op 'n lyk.*

As 'n getroude vrou 'n verhouding het met 'n ander man, terwyl sy getroud is, oortree sy die wet. As haar man egter dood gaan word sy nie meer deur die wet van God aan die dooie man gebind nie.

Hy pas hierdie voorbeeld dan toe deur te sê dat die gelowige in Christus gesterwe het. Dit maak dat die wet nou net so min bindend op die gelowige is, as wat die wet nog binding het op 'n lyk.

Weereens mag ons nie die diepte van die Evangelie hier omseil deur die hele regverdigmaking te verskraal tot die vraag oor hoe om van die skuld van wetsoortreding ontslae te raak nie. Vir Paulus gaan dit hier nie oor skuld nie, maar oor hoe om 'n lewe in diens van God te leef. Om dit te doen is die gelowige vrygemaak van die wet, die Tien gebooie.

> *In regverdigmaking gaan dit ten diepste nie oor skuld nie, maar oor hoe om 'n lewe in diens van God te leef. Daarvoor is ons as gelowiges vrygemaak van die wet, die Tien gebooie.*

Wat beteken dit tog anders as juis dit wanneer Paulus sê: "*Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in*

*die nuwe bedeling van die Gees*"(Rom.7: 6).

Dit is duidelik, **volgens Paulus is ons vrymaking van die wet, die nuwe bedeling waarbinne ons reg kan lewe om God te dien.** Die volgende voorbeeld maak die saak duidelik.

> *Ons vrymaking van die wet is die nuwe bedeling waarbinne ons reg kan lewe om God te dien.*

Die Pinksterisme se verstaan van die vryspraak deur die geloof kan vergelyk word met wanneer ek nie by 'n stopstraat stop nie. Omdat ek nie gestop het nie, word ek gevang en beboet. As ek nie die boete betaal nie en staan ek die gevaar dat ek tronk toe moet gaan.

Die Evangelie is vir die Pinksterisme dan dat Jesus kom en omdat Hy vir ons intree, en ons net hoef te glo, sal hulle selfs na 'n hewige gestoei toegee, ek nie die boete hoef te betaal nie. Uit dankbaarheid moet ek dan nou uitgaan en nie weer oor 'n stopstraat ry nie.

Na my geloof in Jesus waardeur ek vry gespreek is van die boete, moet ek dus net soos voorheen weer onder die wet gaan leef - want as ek weer nie stop nie gaan ek weer beboet word en moet ek weer vryspraak kry.

> *Om te glo dat ons nooit weer beboet sal word nie, is vir hulle te erg, want dit sal maak dat die mense hulle nie meer aan die wette gaan steur nie.*

Om vir die Pinksterisme te sê dat die Woord sê dat ons nooit weer beboet sal word nie, is vir hulle te erg, want dit sal maak dat die mense hulle nie meer aan stopstrate gaan steur nie.

En hulle is reg, want waar regverdigmaking in Christus vervlak is tot vryspraak van skuld, moet die wet nog bindend bly as wet, anders word mense wetteloos. Desnieteenstaande sê Paulus:"*ons is vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie.*" Hierdie wet van Paulus is nie die seremonies nie, ook nie net die wet as weg tot saligheid nie, dis die wet as wet.

Op hierdie absolute stelling van Paulus reageer die Pinksterisme deur terug te val op bekering. "Ja", so word gesê, "die mens sal nie weer beboet word nie, maar nou moet hy al meer en meer tot bekering kom en al minder en minder die wette oortree.

> *Gelowiges word gedreig dat hulle vryspraak sal verval as hulle nie minder en minder oortree nie. Dit is niks anders as die oordeel van die wet nie.*

Maar geen mens sal, as hy nie weer beboet word nie, uit sy eie meer en meer wetsgehoorsaam probeer ry nie - daarom moet hulle nou **gedreig** word dat hulle vryspraak sal verval as hulle nie minder en minder oortree nie. So 'n dreigement is egter niks anders as die oordeel van die wet nie. Hierdie bekering en oordeel is egter volgens Paulus wetsgehoorsaamheid en ons staan tog nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie.

Die ander manier waarop die Pinksterisme ook nog probeer om die waarheid van die vryheid van die wet te handhaaf, sonder om wetteloos te word, is om te sê dat na die vryspraak deur die geloof daar nou die "vervulling met die Gees" kom. Dit beteken dat die mens die beheer van sy lewe aan die Gees oorgee en dan is dit nie meer hy wat die kar bestuur nie, maar Jesus. So word dit ook dwarsdeur die Ned. Geref. Kerk geleer in die evangelisasie handleidings van Bybelkor.

Naas die geloof in Jesus waardeur ons van ons skuld vrygespreek word, kom daar nou 'n nuwe skoling in die Gees. Dit bestaan uit die dissipelskapskoling oor hoe om nie meer self jou lewe te beheer maar aan dit God oor te gee. Van so 'n kar wat ek nie bestuur nie, maar wat Jesus vir my bestuur, is daar in die Woord geen sprake. Ons moet die kar bestuur en bly altyd verantwoordelik vir die bestuur van die kar.

> *Vervulling deur die Gees word nou iets wat volg na die vryspraak om die "wetteloosheid "te probeer bestry.*

Die waarheid van regverdigmaking gaan egter oor "ons sterwe in Christus" en "vrymaking van die wet". Volgens ons voorbeeld gaan dit daaroor dat die mens agter kom dat hy nooit self reg sal bestuur nie. Ons is en sal nooit iets anders as leerlingbestuurders wees nie. Ons kan alleen reg bestuur indien die bestuurskoolinstrukteur saam met my ry. As hy saam met my ry en ek my posisie in hom aanvaar as leerlingbestuurder, is ek

werklik vry van die wet as wet.

**Wat bedoel ons met die uitdrukking die wet as wet?** In ons voorbeeld gaan dit daaroor dat 'n stopstraat 'n stopstraat is. Die werking van die reël om te stop is om jou te beveel om die reël te gehoorsaam en jy moet dit gehoorsaam soos wat dit beveel word. 'n Stopstraat is nie 'n riglyn van wat jy moet probeer doen nie, dit is 'n reël wat jy moet gehoorsaam en as jy dit oortree moet jy gestraf word.

Maar vir 'n leerlingbestuurder werk die wet anders. As jou pa jou leer bestuur dan neem hy die verantwoordelikheid om jou boetes te betaal waarvoor jy nie geld het nie en om vir die verkeerskonstabel te verduidelik as jy oortree. Hy is bereid om dit vir jou te doen solank as wat jy jouself by hom laat inreken en met hom is. **Dan geld die wet as wet vir hom, maar nie vir jou nie.**

Dit gee aan die verkeersreëls vir jou as leerlingbestuurder 'n betekenis wat die wet nie in homself het of bedoel gehad het nie, naamlik:

*1. Dit wys jou elke keer hoe afhanklik jy van jou pa as leermeester is om vir jou in te staan onder die wet.*

*2. Dit maak dat jy vir jou pa wil probeer bestuur omdat hy pa is vir jou wat onder die wet instaan vir jou.*

*3. Dit maak dat jy nooit sonder hom in die motor alleen wil bestuur nie.*

Hierdie drie betekenisse is nie ingesluit in die wet as wet nie. 'n Stopstraat is nie bedoel om jou te wys hoe afhanklik jy van jou pa as leerling bestuurder is nie. Dit is nie bedoel om jou dankbaarheid te wys nie - dit eis doodgewoon gehoorsaamheid en dit is nie bedoel om iemand vir jou te laat instaan nie.

Hierdie is die betekenis wat die Evangelie aan die wet as wet gee. Dit is die diepte van die vryheid van die wet om reg te lewe vir 'n gelowige wat "in Christus" is. Rom.8:1-2 "*Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Christus die lewe gee, het jou vry gemaak van die wet van sonde en dood.*" Die gelowige is vrygemaak van die wet as wet. Daarom is daar vir homself geen veroordeling meer oor nie.

Meer nog, omdat die Evangelie die gelowige in Christus vrymaak van die wet as wet en aan die wet hierdie drie nuwe betekenisse gee kan die gelowige nou aan die eise van die wet voldoen(Rom.8:4). En wel omdat hy nie aan die wet as wet (die wet van sonde en dood) onderworpe is nie, maar aan die nuwe betekenisse wat die Evangelie aan die wet.

As gelowiges voldoen ons aan die nuwe eise van die wet deur 1. vaster aan die geregtigheid in Christus te gryp, 2. deur al meer om die genade van God in Christus te bid en 3. deur net ernstig te probeer om God se wil te doen, al is die effek van die poging maar gering. Hierdie nuwe betekenisse beskryf Paulus as "die wet van die Gees" en dat die Evangeliese waarde van die wet die gelowige heeltemal vry maak van die wet as wet. (Vergelyk HK 114 en 115).

Petrus Kriel
Ned. Geref. Kerk Levubu

---

## PREKE

**Wanneer is prediking "goed"?**
**Prediking is goed wanneer die dominee deur die Subjek(die drie-enige God) van die teks verpreek is sodat Hy (die drie-enige God) die Inhoud van die preek is.**

## REFORMATA REFORMANS

*Gehoor van die leraar wat aangekla is by die Ring omdat hy 'n voorstander is van GELOOF ALLEEN en dit nog verkondig ook! Nee, nie in die middeleeue nie, ook nie in watter kerk nie, maar in die Ned. Geref. Kerk en sommer nou die dag nog.*

## UITVERKIESING vs VERWERPING

Kan jy jou uitverkiesing verwerp? Ja, sê hulle, want jy het 'n vrye keuseen 'n verantwoordelikheid!
**Oor die verantwoordelikheid dink ek stry niemand nie, maar daai vrye keuse, is dit Arminiaans of is dit Arminiaans?**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# As klein dingetjies dink

## TAFELGEBED

"Van goedertierenheid ....."
**Stilte.**
*"Seën die voedsel aan ... in ...."*
**Stilte.**
*"Die krag wat ons uitput"* ....
**Stilte.**

Pa is nie tuis nie, en die taak van tafelgebed rus swaar op die tenger skouers van die enigste ander man in die huisgesin. Na hierdie drie probeerslae, val hy summier weg met die welbekende

*"Seën liewe Vader wat ons eet",*
(hier gaan mens se stem so effens op, en daar is definitief 'n komma as jy dit nou skryf)
*"en help ons om U nooit te vergeet".*

Jy sien, ek ken die leestekens en stembuigings so goed, want ek, as ma van die lotjie, het die gebed vir hulle geleer, omdat ekself ook nooit die moed gehad het om een van die gewigtiger gebede, wat my seun so dapper hierbo aangevat het, aan tafel te bid nie, wat nog te sê vir my spruite aan te leer!

*"Amen"* - bloedrooi en gekrenk maak hy sy oë oop. Van sy maats is ook hier vir ete en dit maak die neerlaag nog groter. My arme kind.

"Chicken" - koggel vier ander paar oë geluidloos. Iemand waag dit om te proes, maar een kyk na my, wat nou as Moeder funksioneer, laat hom dadelik besluit om in 'n hoesbui oor te gaan.

Ek op my beurt, voel skuldig. Dis mos 'n vrou en ma se plig om altyd oor alles skuldig te voel. Vir wat het ek nie self 'n "ordìntlike" tafelgebed geleer, en aan my kroos oorgedra nie? Waar kom ek in elk geval aan hierdie afgesaagde rympie?

Ek krap met die vingers van my verstand daar na agtertoe, maar nee, niks. Ek onthou darem oupa se *"Zegen Vader"* maar dan verloor ek die draad tot waar hy eindig met *"nimmer U vergeten"*.

(Ek dink hy het dalk ook nog net die wysie geken - van daar die geprewel in die middel).

Maar tog, as mens dit vertaal, klink dit wel of die Hollandse gebed eintlik dieselfde gebed is, as ons maklike weergawe.

**En net daar vat ek die goue draad raak. Dit kom van heel ver af, oor baie voorgeslagte heen. Ja, dit getuig saam met die heiliges deur die eeue van God se uitverkiesende genade en volharding met die sondaar.**

*"Seën liewe Vader wat ek eet"*
en dan die heerlik gereformeerde belydenis wat spreek van algehele afhanklikheid
*"en help my om U nooit te vergeet".*

Want sonder God wat alles in ons begin en onderhou, kan ons Hom nooit ken nie.

****************************************

*Daarom my seun en jy ook liewe Kallie,*

*Bid gerus by elke eetmaal in jou lewe hierdie eenvoudig, dog grootse gebed, seker in die wete dat jou God in alles voorsien. Want Hy, die onverganklike God van hemel en aarde, het ons, die nietiges, kom omsluit van binne en van buite, en genadiglik verklaar:*

> *"Ek bring 'n verbond tot stand*
> *tussen My en jou*
> *en jou nageslag na jou,*
> *en al hulle geslagte.*
> *Dit sal jou God wees en*
> *ook die God van jou nageslag".*

*SOLI DEO GLORIA*

*Die Miemie*

ISSN 1017-6837, VDM-no. 5, jg 3/1, April 1993

orion

Die WOORD vir die mense

LEES EN VERRYK U GEES

Die erediens as fees - Julian Müller — *'n "Waar-sonder-nie" vir die één wat erns maak met die erediens. Bekroon met die Andrew Murray-prys 1992* - R32.30

Here nou verstaan ek U beter - Jan van der Watt — *Na aanleiding van die beelde in die Johannes-evangelie* - R22.00

Ek sal vir jou wees soos die dou - Paul Kruger — *Jy kan nie sonder God klaarkom nie..." Dis Hosea se boodskap ook vir die jaar 2000* - R22.00

'n Groot bondel klein dingetjies - Eugene Botha — *Ervaar hoe weerklink die evangelie in die klein dingetjies van die elkedagse lewe* - R22.00

*Bestel van:* Orion uitgewers, Posbus 3068, Halfway House 1685

Ook beskikbaar by meeste goeie boekwinkels.

Spesiale korting vir u gemeentebiblioteek of -boekwinkel - skakel met Neels du Plooy by (011) 315-3647.

Pryse sluit BTW en posgeld in.

# Hoër op, kaalkop! Hoër op, kaalkop!

In die ou dae is skouers opgetrek en verontwaardig die kop geskud as predikante gewys en gewaarsku het oor 'n aparte tou vir aparte rasse byvoorbeeld by die Poskantoor. Die vermoede het in die harte gelewe dat hierdie leraars kommunisties is en teen Christelike-Nasionalisme(met of sonder koppelteken) al het ons gewete ons soms gepla.

Later is hierdie profete uitgehaal en afgestof, blink gevryf en uitgestal deur teoloë en aktiviste. Hulle word nou geëer as die profete. Snaaks dat mense vandag al weer hulle skouers op trek en verontwaardig die kop skud as die profetiese stem in hierdie nuwe dae vra hoe pas dit in die geregtigheid van die wet van God dat ongekwalifiseerde mense bo gekwalifiseerde mense in verantwoordelike posisies aangestel word omdat die veranderende situasie dit vereis, net om die beeld reg te kry(tokenism).

Die nuwe vermoede teen hierdie profetiese waarskuwing is dat hulle nie versoeningsgesind is nie en erger nog, dalk demonies gebind is. Hoe weersinnend is die gedagte om nou nie gehoor te word nie maar eendag oor veertig jaar deur kerklikes wat die tyd reg lees, opgediep word en opgedien word as die regte boodskap vir die nuwe veranderende tyd.

Te vroeg vir die wetteloses en hulle tydskedules. Die lot van alle profete. Hierteenoor hoe blink die toekoms van hierdie nuwe Baälprofete: "*Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle hou die grafte van die profete in stand en versier die gedenktekens van die vromes, en julle sê: 'As ons in die dae van ons voorvaders gelewe het sou ons nie medepligtig gewees het aan die vergieting van die bloed van die profete nie.' Op die manier erken julle self dat julle nakomelinge is van die moordenaars van die profete. Gaan maar aan, maak klaar wat julle voorvaders begin het! "Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle ontkom aan die straf van die hel?*" (Matteus 23: 29-32).

Athanasius.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# GELOOF: GODS WERK OF MENSEWERK?

**AKLAS Studiestuk 1993**[1]

## INLEIDING

Die probleem waarmee ons hier gekonfronteer word, stel ons voor een van die mees fundamentele vrae waarmee geworstel word in kerk en teologie, nl. die relasie tussen die daad van die mens.(Vgl. DL 2,5; Fil. 2:12-13). Dit word gereflekteer in die felle stryd tussen Augustinus en Pelagius, Luther en Erasmus, Rome en Reformasie, Remonstrante en kontra-Remonstrante.

Ook binne die geledere van die Ned. Geref. Kerk bestaan daar tans heelwat onrus rondom hierdie aangeleentheid. Dit kan toegeskryf word aan verskillende faktore. *Ons lidmate kom dikwels in kontak met 'n soort prediking en spiritualiteit wat deur ander geloofstradisies - soos met name die Arminianisme en Anabaptisme - gestempel is, waardeur hulle in die war gebring word. Dit het gedeeltelik ook daarmee te make dat die Ned. Geref. Kerk self vanweë sy geskiedenis 'n bepaalde tweeslagtigheid in vroomheidstipe vertoon deurdat die gereformeerde elemente van sy erfenis aangevul is met elemente uit die evangeliese tradisie wat dikwels verwant is aan metodistiese en Arminiaanse opvattings.*

## 'N FOUTIEWE VRAAGSTELLING

Nog 'n uiters belangrike rede waarom hierdie problematiek deur die eeue 'n sekere hardnekkige onoplosbaarheid vertoon, is die feit dat die wyse waarop die vraag dikwels gestel word, 'n oplossing by voorbaat onmoontlik maak. Dit geld ook vir ons titel nl. Geloof: Gods werk of mensewerk? So gestel impliseer dit 'n relasie waarvolgens God se werk en die mens se werk met mekaar konkureer. Om God se genade te eer, moet jy die mens se verantwoordelikheid ontken, of omgekeerd moet jy die mens se verantwoordelikheid red ten koste van God se soewereine genade. 'n Derde moontlikheid bestaan daarin dat jy die twee perspektiewe ongeïntegreerd naas mekaar bly handhaaf. Die keuses waarvoor die probleemstelling jou derhalwe plaas is ; **òf determinisme ; òf sinergisme òf 'n dubbelslagtige geloofslewe** wat heen en weer tussen die twee moontlikhede skipper.

Binne hierdie **"polêre denke" word God en mens op dieselfde vlak naas (d.w.s. teenoor) mekaar gedink en die verantwoordelikheid vir die verlossing word tussen hulle verdeel.** Die verdeling mag 50:50, 90:10 of 100:0 wees, maar die struktuur waarbinne die verdeling plaasvind, bly dieselfde: as God iets doen kan die mens dit ook nie doen nie; en as die mens iets doen, kan dit nie God wees wat dit doen nie. Hierdie denkwyse is egter totaal in stryd met die Skrif omdat dit nie rekening hou met die kwalitatiewe verskil tussen God en mens nie. God word 'n groot Mens, en die mens 'n klein god. Aan die mens word 'n eie selfstandige bestaan naas God toegeken hoewel hierdie outonome mens dan natuurlik ook nog in 'n verhouding tot God kan staan. **Volgens die Skrif het ons egter geen eie bestaan buite Hom nie.** In die woorde van Hand. 17:28 "Want deur Hom lewe ons beweeg ons en bestaan ons". Of Ps. 139:5 "U omsluit my van alle kante". *Alleen wanneer ons dit in gedagte hou, word dit moontlik om die genade te verstaan op 'n wyse wat ons verantwoordelikheid nie ontken nie, en die mens se verantwoordelikheid te handhaaf sonder dat dit die genade bedreig.*

## VERLOSSING UIT GENADE ALLEEN

Die oortuiging van die Reformasie soos neergelê in ons belydenisskrifte, is dat die verlossing van die mens enkel uit genade(sola gratia) tot stand kom. *In die res van die Christenheid word die voorstelling gehuldig dat 'n mens wel met behulp van die genade gered word, maar dat jy dan tog op die een of ander wyse jou inset moet lewer deur te kies om van die genade gebruik te maak, daarmee saam te werk of minstens uit eie beweging gewillig te wees om dit te ontvang.* Daarteenoor beklemtoon die Reformasie dat ons verlos word uit genade alleen. Die reformasie posisie is in hierdie opsig **radikaal** deurdat dit uitgaan van die **totale bedorwenheid**

1 Kursiverings en beklemtonings is VDM s'n.

van die **menslike natuur**, wat ook sy **vrye wil** en alles insluit **wat hom in staat sou kon stel om van sy kant 'n rol - hoe gering ook al - met betrekking tot sy redding te vervul.** *Van* **samewerking** *met die genade is geen sprake nie. Verlossing is derhalwe volkome 'n genadedaad van God waartoe die mens geen bydrae kan of hoef te lewer nie en met die oog waarop hy geen* **voorwaarde** *kan of hoef te vervul nie.*

- Miskien is Ef. 2: 1-10 die Skrifgedeelte wat in hierdie verband die reformatoriese posisie die duidelikste verwoord: ons is dood in die sonde, volledig onbekwaam om enigiets goed te begeer of te doen, en as sodanig voorwerpe van Gods toorn. Slegs God kan ons red vanweë sy onuitspreeklike liefde vir sondaars, en Hy het dit ook gedoen in die dood en opstanding van Christus, in Wie Hy ons geskep het om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het, terwyl Hy ons uit genade deur die geloof in hierdie genadewerklikheid van die heil laat deel.

**Hierdie radikale posisie word duidelik verwoord in ons belydenisskrifte**. Sprekend in hierdie verband is NGB 22 waar die gedagte afgewys word dat Christus net 'n halwe Verlosser sou wees, met 'n beroep om Rom. 3:28. Baie duidelik is ook HK Sondag 1 waar die ganse heil slegs aan die werk van die drie-enige God toegeskryf word, soos ook Sondag 23 waarin die volledige genadekarakter van die verlossing beklemtoon word. Dieselfde geld ook vir die Dordtse Leerreëls waarin uitgespel word dat die verlossing die vrug is van Gods genadige en vrye verkiesing en dat dit die mens ten deel val uit louter genade, deur die werking van die Heilige Gees (DL. 1,3\4). Duideliker kan dit nie gesê word as wat ons dit in Ef. 2:8-9 vind nie: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie".

## VERLOSSING DEUR GELOOF ALLEEN

*Net so sterk as wat die Reformasie die genade alleen(sola gratia) beklemtoon het, het hulle ook gestry vir die geloof alleen(sola fide).* Daarmee het hulle **nie met hulself of met die Skrif in teenspraak gekom nie,** maar met die oproep "geloof alleen" wou hulle juis die "genade alleen" onderstreep. **Met "geloof alleen" wou hulle 'n streep trek deur alle menslike teenprestasie en die mense juis oproep om te lewe uit die "genade alleen".** *Die oproep tot geloof was juis bedoel as 'n appèl op die mens om sy(gewaande) outonomie wat so kenmerkend is van die "polêre denke", prys te gee en God se genade te ontvang en daaruit te leef.* Die verkondiging van God se genade in Christus, en die appêl tot geloof in Christus kompeteer derhalwe nie met mekaar nie, maar impliseer mekaar. **"Genade" en "geloof" korrespondeer met mekaar soos "gee" en "ontvang".** *Die verantwoordelikheid van die mens bestaan veral daarin om alle aandeel in die verlossing te laat vaar en God se genade in Christus te aanvaar (2 Kor. 5:20), d.w.s. dit nie te verwerp nie.*

**Geloof ontaard in 'n verdienstelike goeie werk die oomblik dat dit verstaan word as** *'n selfstandige menslike daad wat die genade aanvul.* Volgens hierdie siening gee God wel sy genade in Christus wat genoegsaam is om die mens te red, maar die mens se "aandeel" bestaan daarin dat hy die genade moet aanneem. **Die genade word verstaan as 'n moontlikheid tot redding, maar eers die menslike beslissing maak dit 'n werklikheid.** Teen die duidelike bedoeling van die Skrif in word die geloof dan weer 'n grond vir redding en vir roem (Rom. 3:24,27; 4:1 e.v.; Ef. 2:9 ens). *Die Bybel leer egter nêrens dat die mens gered word op grond van sy geloof(dia pistin) nie, maar wel langs die weg van die geloof(dia posteos). Daarom moet ook die(minder duidelike) weergawe van die NAV in tekste soos Rom. 4:9 ("omdat Abraham geglo het, het God hom vrygespreek"), nie so verstaan word, asof die geloof van Abraham die grond of verdienende oorsaak van sy regverdiging was nie.* As sodanig is dit nie verdienstelik of die mens se bydrae tot sy redding nie, maar slegs die aanvaarding van die vryspraak wat God in Christus deur die Woord oor ons uitspreek. Daarom dat die Reformasie parallel met die uitdrukkings genade alleen(sola gratia), geloof alleen(sola fide) ook nog gepraat het van die Woord alleen(sola Scriptura).


## DIE GELOOF AS GAWE VAN GOD

Om die geloof as gawe van God goed te begryp, is dit belangrik om die onderskeid, maar ook die eenheid van die werk van Christus en die werk van die Heilige Gees te verstaan. Christologies gesproke is dit waar dat ons heil heeltemal sonder

ons, buite ons, eens en vir altyd volmaak in die kruis en opstanding van Christus voltrek is. **Pneumatologies moet egter gesê word dat die Gees ons met ons volle verantwoordelikheid betrek by die verwerkliking van die heil in ons lewe.** Daarby gaan dit heeltemal anders toe. Die Gees oorreed ons deur die Woord, worstel met ons, oorwin ons weerstand en bring ons dikwels eers langsamerhand daartoe om te lewe uit die heil wat in Christus ons toegesê word. Die werk van die Gees dra nie die karakter van 'n magiese oorrompeling nie, maar van 'n persoonlike oorreding waarby ons wil nie uitgeskakel word nie, maar in ooreenstemming gebring word met God se wil. Terselfdertyd moet aan die eenheid van die werk van Christus en van die Gees vasgehou word. **Juis wat Christus gedoen het, deel die Gees deur die Woord aan ons uit.** Hierdie eenheid blyk uit Joh. 16:14 "Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig". Die werk van die Heilige Gees in die lewe van die gelowiges moet derhalwe nie as aanvulling beskou word by die werk van Christus nie "want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is" (NGB Art 22). *Die geloof as gawe van die Gees het derhalwe geen selfstandige bestaan naas Christus as die sentrale inhoud van die geloof nie.* Dit is dus nie Christus plus die geloof wat ons geregtigheid is nie, maar Christus self en Christus alleen is ons Geregtigheid (NGB Art 22). Die geloof is volkome gerigtheid op Hom. In die geloof kyk die mens weg van homself na Christus. Daarom het Calvyn ook gepraat van die "leegheid" van die geloof, om daarmee aan te dui dat die geloof loutere reseptiwiteit is. Ons word nie deur ons geloof, of op grond van ons geloof, ook al is dit 'n gawe van die Gees, gered nie. Ons word enkel deur Christus se Selfofferande gered langs die weg van die geloof wat aan Hom vashou en op Hom vertrou. **Met genade alleen, geloof alleen, die Skrif alleen, het die Reformasie bedoel Christus alleen.**

GEVOLGTREKKING

Dit is derhalwe duidelik dat daar geen spanning in die Skrif bestaan tussen die verkondiging van God se genade in Christus Jesus en die appèl tot geloof nie. **Laasgenoemde bestaan juis daarin dat die mens opgeroep word om alle pogings om homself te red moet laat vaar en hom volkome moet verlaat op die versoening wat God bewerk het** (2 Kor 5:20).




**BESTE BYBELVERTALING TER WêRELD NOU HIER**

'n Meestervertaling uit 32 erkende vertalings saamgevoeg deur J.J. van den Berg, top-vertaalkundige en teoloog: THE GOSPEL ACCORDING TO LUKE met bondige kommentaar, 1ste boek in 'n reeks van 27.

Uit die besonder fyn nuanseringe van betekenis vloei verstommende nuwe insigte voort. Nuwe ontdekkings aangaande die koninkryk.

Prys: R48,00 per eksemplaar (geen AVB gehef). Korting, 1 - 10 boeke, 25%; 11 en meer, 33,33% - kan vir bv. gemeentefondse ens. aangewend word.

'n Kosbare hulpmiddel saam Afrikaanse Bybel in enkel- of groep-Bybelstudie. Nuwe kragtige preke daarin vir predikante. Plaas dadelik u gemeentebestelling (betaal 30 dae) by: Vere Ecclesia Uitgewers, Posbus 7197, Stellenbosch 7599.
Tel: 02231 - 900390 . Faks: 02231 - 900968

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# Geregverdig deur die GELOOF VAN of IN Jesus Christus?

Galasiërs 2: 15-16 lees in die NAV so: "*Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie. En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Christus te glo. Ook ons het tot geloof in Christus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op gronddaarvan dat hy die wet onderhou nie.*"

Die kommentaar van Dr C J den Heyer oor Galasiërs in die "Tekst en Toelichting" - reeks maak egter ernstig beswaar teen vele moderne Bybelvertalings wat die teks so vertaal soos die NAV hierbo. Die Griekse teks sê nie dat ons geregverdig(NAV sê "vrygespreek") word deur ons geloof in Christus nie, maar ons word geregverdig deur die geloof van Jesus Christus. En dit maak 'n hemelsbreë verskil!

Paulus onderskei baie duidelik in die Grieks tussen die "**geloof van Christus**" en die "**geloof in Christus**".

> *Paulus onderskei baie duidelik in die Grieks tussen die "geloof van Christus" en die "geloof in Christus".*

Hy gebruik hier albei die uitdrukkings en hy doen dit om geen dowe neute nie! Hy stel doelbewus nie ons geloof in Christus as regverdiging hier teenoor die werke van die wet as regverdiging nie. Wat Paulus wel doen is dat hy Christus se geloof as regverdiging teenoor die wet as regverdiging stel. Die grond vir ons redding is nie ons geloof in Christus se geregtigheid nie, maar Christus se geloof in die Vader!

> *Met Christus se geloof word bedoel: Christus se vertroue in en gehoorsaamheid aan die Vader tot die dood toe.*

Met Christus se geloof word bedoel: Christus se vertroue in en gehoorsaamheid aan die Vader tot die dood toe, en hierdie daad van Christus is die grond van ons regverdiging en nie ons geloof in Christus nie. Die NAV vertaal nie hierdie doelbewuste verskillende uitdrukkings van Paulus nie. Soos die teks nou in die NAV vertaal staan, klink dit of ons geloof die rede vir ons vryspraak is en dit gee aanleiding daartoe om te dink dat die geloof 'n toevoegende en skeppende bydrae tot ons redding is. Nou sê die NAV dat mens vrygespreek word as jy glo in Christus, terwyl Paulus wil sê: Ons word deur die geloof van Christus geregverdig en nou stel ons ons vertroue daarin en nie deur die wet te onderhou nie.

> *Geloof is nie 'n toevoegende en skeppende bydrae tot ons redding nie*

Die teks, volgens Dr den Heyer, moet so vertaal word: "*Ons, gebore Jode en geen sondaars uit die heidene nie, omdat ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof van Jesus Christus, het ook in Jesus geglo om deur die geloof van Christus geregverdig te word en nie uit die werke van die wet nie, want uit die werke van die wet sal geen vlees geregverdig word nie.*"

In laasgenoemde vertaling kan ons die uitdrukkings "geloof in Christus" en die "geloof van Christus" duidelik sien, en ook duidelik sien wat die funksie van elk is.

Christus se vertroue in die Vader tot die dood toe, is die enigste grond van ons geregtigheid en nou glo ook ons dit (hierdie blye boodskap) agterna, is wat Paulus wil sê.

> *Christus se vertroue in die Vader tot die dood toe, is die enigste grond van ons geregtigheid en nou glo ook ons dit (hierdie blye boodskap) agterna, is wat Paulus wil sê.*

Soos die NAV nou vertaal is, kan die teks ons verlei om ons vertroue in ons geloof te stel vir vryspraak en nie in God wat ons reeds deur Christus vrygespreek het nie. En wie sy vertroue in sy geloof stel is 'n afgodsdienaar.

Hennie van Schalkwyk
Ned. Geref. Kerk Malvern

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# SKRIF AAN DIE MUUR...!

## ACSV, BELYDENISSKRIFTE EN PINKSTERISME

Geagte redakteur,

In artikel 5 van die ACSV se grondwet, wat handel oor "Verhouding tot die Kerk" lees ek by 5.5:

"Die ACSV is ten opsigte van die geestelike leiding op plaaslike vlak afhanklik van die kerk wat verteenwoordigend is van die meerderheid van die lede van die ACSV-tak;"

As ek dit reg verstaan kan dit gebeur dat verbondskinders weekliks onder die geklank van 'n pastoor van een van die Pinkstergroepe se Woordverkondiging, sit.

Dit maak my baie bekommerd, want alhoewel kontensieuse leerstellige aspekte vermy mag word, staan die gereformeerde spiritualiteit tog lynreg teenoor die van die Pinkstergroepe. Neem mens verder in ag wat byvoorbeeld die S.Tvlse sinode gesê het oor die ernstige en diepgaande verskille tussen ons en die AGS dan kan mens jou dit kwalik voorstel dat verbondskinders daaraan blootgestel moet word.

Aan die anderkant is dit vir my onbegryplik hoe enige iemand van die Pinkstergroepe artikel 2.2 van dieselfde grondwet kan onderskryf. "Die ACSV aanvaar as uitdrukking van sy belydenis die drie Formuliere van Eenheid, omdat hulle in ooreenstemming met die Heilige Skrif is".

Ek beskou hierdie as 'n onnodige "eenheid soeke" met mense wie ons volgens ons belydenis van geloof nie net verwerp as dwalinge nie, maar wat ons ook dienooreenkomstig sal bestry.

As dit om organisatoriese redes gaan moet dit dan maar op plaaslike vlak deur die onderskeie kerkrade met die onderskeie skoolbesture uitgesorteer word. Dit is seker waarom daar by talle plekke 'n PSV(Pinkster studente vereniging) ontstaan het.

Ek hoop nie dit impliseer dat hulle demonstratiewe belewenis-godsdiens vir hulle belangriker is as wat leersuiwerheid vir ons is nie.

Hennie van Schalkwyk.
Ned. Geref. Kerk Malvern.

---

## ACSV SE ANTWOORD

Geagte Redakteur,

1. Dit is moontlik dat 'n pastoor van die Pinksterkerke die kringleiersklas kan lei. Daarom versoek ons graag alle Christelike kerke wie se jeug goed verteenwoordigend is in die skool om betrokke te raak. Indien meer as een predikant graag so betrokke sou wou raak, sal dit goedskiks gereël kan word dat die leiersklas op rotasiebasis gehou kan word. Die inhoud van die handboek behoort die koers en inhoud van die onderrig te bepaal. Enige leierklasleier moet ook volkome bereid wees in sy betrokkenheid by die ACSV om oor sy getrouheid aan die belydenisgrondslag van die ACSV getoets te word.

2. Ons wil graag 'n spiritualiteit beoefen wat nie die gereformeerde beginsels ondergrawe nie, maar juis daarop steun en sal ook graag daaraan getoets wil word. Ons sal baie bly wees as kritici meehelp tot die daarstelling van die kriteria waaraan gereformeerde spiritualiteit behoort te beantwoord.

3. Of die onderskrywing van die geloofsbasis van die ACSV deur Pinkstergroepe begryplik of onbegryplik is, is seker nie ter sake nie. Hierdie keuse moet ons aan hulle oorlaat en nie op 'n patriargale wyse vir hulle probeer dink nie.

4.'n Regstelling: dat "daar by talle plekke 'n PSV(PSA?) ontstaan het" is 'n wanvoorstelling van die werklike situasie. Die oorheersende meerderheid skole aanvaar die ACSV as verteenwoordigend vir kinders van alle christelike geloofsoortuigings.

5. 'n Paar vrae aan Hennie van Schalkwyk ter wille duidelikheid:
5.1. Verwerp die NG Kerk die Pinkstergroepe as " 'n dwaling wat bestry moet word?" Motiveer asseblief.
5.2. Vanuit die hoek van die skoolhoof of bestuursliggaam: Is dit beter vir die Koninkryk van God om op die skoolkampus een vereniging te hê wat verteenwoordigend is of liewer 'n vereniging vir elke kerk? Hoe sou die skoliere daaroor voel? Hoe sou die skoolhoof dit wil reël?

Seënwense.

Cassie Carstens
ACSV, Stellenbosch

**Hennie van Schalkwyk sal in die volgende uitgawe hierop antwoord.**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# REGVERDIGING

Geagte Redakteur,

Calvyn skryf dat die hoofinhoud van die evangelie saamgevat kan word in boetvaardigheid en vergewing van die sondes (Inst III\III\I, 19). Volgens Calvyn is regverdiging die vernaamste pilaar waarop die godsdiens rus (Inst III\XI\1).

Na aanleiding van die opmerking van P.U. Paulsen (VDM 2\2 Junie 1992 p. 2) "Eat your hart (sic) out, wat van voor die grondlegging van die aarde af", wil ek graag die volgende opmerkings maak:

**1.Regverdiging NIE VOOR die geloof nie en ook NIE NA die geloof nie.**

Bavinck(Gereformeerde Dogmatiek Deel IV 1967:183-5) verwys aan die een kant na die neonomiaanse(nomisme) voorstelling(soos onder andere die Piëtisme en die Metodisme) waar die vergewing van sondes NA geloof plaasvind.

Indien die regverdigmaking in ieder opsig NA die geloof tot stand kom, word dit 'n voorwaarde, 'n werksaamheid, wat vooraf deur die mens volbring moet word, en kan dit nie suiwer ontvang word nie (Bavinck Deel IV 1967:206).

*Aan die ander kant waar die antineonomianisme en die regverdiging aan die geloof laat VOORAFGAAN.

*Bavinck (Deel IV 1967:184-5) se konklusie is dat die Gereformeerde teoloë gepoog het om beide dwalinge te vermy. In die Gereformeerde Konfessies en by Calvyn word die regverdiging so omskryf dat ons die geregtigheid, die verdienste van Christus en die "justificatie" self deur die geloof ontvang.

Volgens Bavinck (Deel IV 1967:204) dui die preposisies uit en deur(die geloof) dus alleen aan, dat Christus met al sy weldade enkel en alleen deur die geloof in ons persoonlike besit kom. Die regverdiging in sensu concreto is geheel en al 'n regverdigmaking uit en deur die geloof, omdat dit objektief in Christus begrepe, alleen deur middel van die geloof persoonlik aangeneem, toegeëien en geniet word.

**2.Ursinus, een van die opstellers van die H.K.**

As daar gevra word by die interpretasie van die Konfessies na die bedoeling van die oorspronklike skrywers van die Konfessies dan is ons gelukkig om te kan vasstel wat die oorspronklike skrywer van die HK se standpunt was. Zacharias Ursinus(een van die opstellers van die H.K.) het 'n kommentaar geskryf oor die HK (1980 Het Schatboek der verklaringen over die Heidelbergse Catechismus. Deel I en II[Vertaal deur J. van der Haar]. Dordrecht: van den Tol).

*In sy verklaring van HK v 60 pp 514-515 (Deel I). Onder die opskrif "Hoe Christus se voldoening, aangesien dit buite ons lê, ons s'n kan word". Wanneer onsself die weldade deur die geloof ons toe-eien.

*In sy verklaring van HK v 84 op p 170 (Deel II). "Hoe lank moet die verkondiging en uitsluiting gedoen word". Solank hulle hulle nie bekeer nie. (Dan haal hy Eseg. 18:21-23 aan). Wanneer die sondaar homself bekeer, en na aanneming van die belofte van die Evangelie met 'n ware geloof, verkry hy terstond kwytskelding van sy sondes.

*In sy verklaring van HK v 87 op p 206 (Deel II). Sulke sondaars het nie die saligheid nie solank hulle daarin bly sonder bekering.

*In sy verklaring van HK v 91 op p 224 (Deel II). Sonder die toegerekende geregtigheid van Christus is ons almal tesame 'n gruwel voor God, en is al ons goeie werke niks anders as drek nie. Maar hierdie geregtigheid word ons nie voor ons bekering toegereken nie. Dus is dit onmoontlik, dat ons of ons goeie werke voor die bekering God kan behaag.

**Om Ursinus se standpunt saam te vat:**

Regverdiging vind plaas:

***Nie voor** geloof nie (Deel II p. 27 "solank hulle in hul ongeloof bly").

***Wanneer** God ons geloof skenk (Deel I p 477, p 504; Deel II pp 89, 170, 519).

***Nie voor** bekering nie (Deel I p 477; Deel II pp 158, 166, 206, 224).

***Wanneer** God ons bekering skenk (Deel I pp 423, 477; Deel II pp 170, 464, 519).

**3.Belydenisskrifte**

3.1 **By geboorte**

Alle mense word in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore. (DL 3 en 4\3 vergelyk ook NGB 15; HK v 7, 8; DL 1\1; 2\verwerping 5; 3 en 4\2).

3.2 **Regverdiging nie voor WEDERGEBOORTE nie**

Die mens wat nie weergebore is nie, is werklik en heeltemal dood in die sonde.(DL 3 en 4\verwerping 4; vergelyk ook HK v 8; DL 3 en 4\3, 11, 12, 16).

3.3**Regverdiging nie voor GELOOF nie**

Die toorn van God bly op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie. (DL 1\4; vergelyk ook NGB 22; H.K. v 20,30,53,60,61,65; DL 2\8; 3 en 4\10, verwerping 6).

3.4 **Regverdiging nie voor BEKERING nie**

Aan die wat hulle nie van harte bekeer nie, word verkondig en betuig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie.(HK v 84(ou vertaling); vergelyk ook HK v 81,87, DL 1\16; 3 en 4\verwerping 6).

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

**4. Verwerp beide dwalinge**

Dit help nie om in die bestryding van die Piëtisme en die Metodisme die Antineonomianisme en die Antinomisme voor te staan nie. Kom ons bly maar by ons Gereformeerde Konfessies en verwerp beide dwalinge.

Jan van der Westhuizen
NGKA Nthume

*Wat van Efesiërs 1, broer Jan, of moet ons dit so verstaan dat die uitverkiesing plaasgevind het omdat die Here vooruitgesien het wie gaan glo? Of is alle uitverkorenes nie geregverdig nie?*

---

# VOLWASSE KATEGESE: VOORWAARDE OF GEVOLG?

Dis nogal opvallend in die Skrif(NT) hoe maklik die gemeente nuwe lidmate aanvaar het. Daar was blykbaar nie allerhande vereistes, voorwaardes of streng keuring nie. Een ding was wel belangrik bo alle ander: **Die geloof in Christus as die gekruisigde en opgestane HERE.**

Wanneer iemand hierdie belydenis gehad het, was dit duidelik dat hy by die gemeente hoort, want **hy sou nie tot geloof gekom het as God hom nie getrek en verkies het nie.** In gevalle waar mense in hulle belydenis nie opreg was nie, het dit beteken dat hulle vir die gemeente en daarmee vir die Heilige Gees gelieg het en dit het hulle onder die oordeel van God gebring.(Vgl. Hand. 5:1-11). God self waak oor Sy gemeente.

Dit beteken natuurlik nie dat die gelowiges nie onderrig is in die grondwaarhede van die geloof nie, inteendeel! Maar hierdie onderrig het **in** die gemeente plaasgevind en was blykbaar nie hanteer as 'n soort van voorvereiste tot lidmaatskap nie. Dit ten spyte van die feit dat mense uit 'n wye verskeidenheid van agtergronde tot geloof gekom het - van die wettiese Rabbynse tot die heidens filosofiese wêreld van die Grieke tot die afgodies godsdienstige milieu van die Romeine.

In die lig hiervan lyk dit tog nodig om die huidige praktyk in die Ned. Geref. Kerk weer in oënskou te neem. Volwasse kategese is tans die lang, moeisame weg tot die gemeente(wat tot 'n jaar kan duur), in pleks daarvan dat dit die vreugdevolle groei van die gelowige in die gemeente is!

Hiermee 'n paar riglyne om die denke rondom hierdie saak hopelik so 'n bietjie te stimuleer:

1. Alle persone (maak nie saak uit watter kerklike of nie-kerklike agtergrond hulle kom nie) wat aandui dat hulle lidmate van die gemeente wil wees, word deur die kerkraad\kommissie ontmoet en daar word met hulle persoonlik gesprek gevoer. In die gesprek vergewis die kerkraad hom, sover moontlik, van die opregte geloof van die persoon in Jesus Christus as die gekruisigde en opgestane HERE.

2. Indien dit duidelik is dat die persoon 'n gelowige is, word hy\sy opgeneem in die gemeenskap van die gelowiges.

3. As dit blyk dat iemand rondom sekere sake nodig het om onderrig te word(bv. die betekenis van die doop of iets dergelik) word die persoon deur die leraar, 'n ouderling of enige volwasse gelowige vir 'n tyd lank persoonlik begelei. **Die feit dat iemand sekere dinge nog nie goed begryp nie, diskwalifiseer hom nie van lidmaatskap nie, aangesien daar baie mense in die gemeente is wat baie dinge nie goed verstaan nie!**

4. *Sou dit na die tyd duidelik word dat iemand in sy belydenis nie opreg was nie of gelieg het, word daar summier en ernstig opgetree deur die gemeente met die tug.*

5. Intussen word daar in die gemeente as geheel groot erns gemaak met die lering en onderrig in die geloof. So groei mense **in** die gemeente en **saam met mekaar.**(Babatjies groei immers op in 'n gesin. Hulle word nie êrens buite grootgemaak en dan by 'n gesin gevoeg nie). **Hier moet ons miskien weer die aanddiens as leergeleentheid herstel! Ons moet egter onthou lering en die gemeenskap hand aan hand gaan as die omgewing waarin mense groei.**

Hopelik sal ons op hierdie wyse **mense nie moedeloos maak** omdat ons hulle die indruk gee dat hulle **eers 'n klomp vereistes moet nakom** voordat ons hulle as gelowiges erken nie. En die **kategese nie 'n stuk verdienste maak** waardeur mense 'n plek in die gemeente verkry nie!

Roelie Erasmus
Drakensberg Vallei Newcastle

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993


KEN JOU

# Bybel

**... 'n nuwe bordspel ter uitbouing van jou Bybelkennis.**

- Groot pret vir mense van alle ouderdomme
- Wees 'n Kundige Christen - Speel KEN JOU Bybel
- Meer as 300 vrae en antwoorde
- Toets en verbeter jou kennis van die Bybel
- Skuif na die Ou of Nuwe Testament en beantwoord vrae van die kaartjies af
- Ideale gesinspeletjie

**Beskikbaar van: GAME CONCEPTS**

Posbus 23484, JOUBERT PARK, 2044.
Tel: (011) 484-5642/484-5643 Fax: (011) 484-5633

*Uiters Geskik vir Leerlinge, Studente en Bybelstudiegroepe*

*Ideale Gesinspeletjie*

*Meer as 300 Vrae en Antwoorde van die Ou en Nuwe Testament*

*WEES 'N KUNDIGE CHRISTEN speel "KEN JOU BYBEL"*

**BESTELLINGSVORM**

NAAM: __________

ADRES: __________

TEL: __________

HOEVEELHEID: __________

HIERBY INGESLUIT: R __________

*"Dit is die Here wat die wysheid gee, uit Sy mond kom Kennis en die insig"*
*(Spreuke 2:6)*

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

BYBELSTUDIE 4

# WERKE VS WEERGEBOORTE

**Johannes 3**

**A.INDIVIDUEEL**

**1.My gebed is:** *Heilige Gees, verander my hart en verstand sodat ek u genadewoord goed kan begryp.*

2.Lees Joh. 2: 23 en 3: 1-8 en antwoord die vrae.

**2.1 Wat was die gevolg van die wondertekens?**

..............................................................................

**2.2 Wat was Jesus se reaksie hierop en hoekom?**

..............................................................................

..............................................................................

**2.3 Wie was Nikodemus en wanneer het hy na Jesus gekom?**

..............................................................................

**2.4 Hoe het Jesus Nikodemus se vraag in vers 4 beantwoord?**

..............................................................................

..............................................................................

**2.5 Watter beelde gebruik Hy om wedergeboorte verder duidelik te maak?**

..............................................................................

**B. GESAMENTLIK**

1.Laat iemand weer die gedeelte hardop lees terwyl die ander noukeurig volg.

**2.Vergelyk 2.1. Hoe staan sake ten opsigte van hierdie feit in die tyd waarin ons nou leef en wat behoort ons reaksie te wees?**

..............................................................................

..............................................................................

Daar is vandag gans te veel mense, ook binne ons kerk, wat steeds wonder en daarmee saam getal bejag is. Hulle trek van die een saamtrek na die ander. Almal op soek na wonderwerke of hulle lewe daarvan afhang, want hulle geloof hang daarvan af.

Dis hulle wat voortdurend wil weet waarom daar by ons geen wonders plaasvind nie. Behalwe dat ons dit nie in die koerant sit nie, sal hulle moet hoor dat dit nie wonders is wat ons bymekaar bring en/of hou nie.

Ons geloof kom van 'n ander plek af. Dis nie gebou op die bestaan en voorkoms van wonders al dan nie. Bowenal sal ons hulle oë moet oop maak vir die feit dat Jesus geen vertroue in sulke mense gestel het nie. **Vgl 2.2.**

In dieselfde asem sal ons sommer die getalle leuen aan die kaak moet stel naamlik dat die Pinksterkerke geweldig in getalle toeneem soos wat die Gereformeerdes oorloop. Al sou dit waar wees, sê dit natuurlik nie regtig iets nie, want die kerk was deur al die eeue heen eintlik maar nog altyd die minderheid - baie is geroep maar min word gered.

Eweneens is die propaganda dat ons getalle veral dan in die aanddienste so swak afsteek teen hulle massa byeenkomste waar daar skaars plek vir 'n muis is, is ook niks anders as 'n swak verdoeselde leuen nie. As net die helfte van die Ned. Geref. Kerke se getalle bymekaar gesit word in dieselfde area waar hulle een byeenkoms of gebou het dan lyk die prentjie heel anders. En dit is nie propaganda nie, toets dit maar self in jou omgewing!

*Wie nou ook al die meeste mag wees, vir Jesus was getalle nie belangrik nie. Hy het geweet die massas en hulle navolging van Hom is bloot ter wille van die wonders of die kicks daarvan.*

In die kategese boeke word sulke geloof **wondergeloof** genoem. As die wondertekens weg is wonder jy waar is die geloof. Uit hierdie skrifgedeelte blyk dit egter duidelik dat Jesus nie daaroor gewonder het nie. **Hy het geen vertroue gestel in hierdie skares wat saamgepak het om na Hom te kom luister nie.** Hy was bewus daarvan dat

hierdie wondergeloof die naam geloof nie werd is nie. Hy het geweet hoe mense is en hoe dit staan met geloof wat in die lewe geroep word deur so 'n menslike saak soos wondertekens.

Dis teen hierdie agtergrond wat Nikodemus nou na Jesus kom. Met sy woorde "**niemand kan hierdie wondertekens doen as**" klassifiseer hy homself onmiddellik onder hierdie groep mense wat geglo het as gevolg van die wondertekens.

**3. Wat dink jy het dit vir die eerste hoorders in Johannes se tyd gesê dat Nikodemus geteken word as 'n Fariseër en lid van die Joodse raad?**

..............................................................................

..............................................................................

Vir ons het die term Fariseër deesdae die betekenis van skynheilige, iemand wat hom voordoen om iets te wees wat hy nie is nie.

Om egter te begryp hoe hierdie terme daardie tyd verstaan is en deur Johannes gebruik word, moet ons dink wat dit vandag beteken as jy byvoorbeeld iemand as 'n kommunis beskryf.

Of dink aan watter prentjie dit oproep as die pers iemand as 'n lid van die AWB se hoofraad teken. Behalwe vir die baard, vuurwapens en khaki uniform word daar onmiddellik ook 'n hele boel ander goed oor hierdie persoon gesê. Veral wat sy standpunt ten opsigte van die politiek betref.

Op soortgelyke wyse kom Nikodemus se siening van godsdiens meteens op die agenda. As Fariseër was hy 'n lojale ondersteuner van die Judaïsme. Deur hom so te beskryf vertel Johannes aan ons dat die wet en tradisies vir Nikodemus baie belangrik was. Die verdere beskrywing van hom as lid van die Joodse raad teken Nikodemus vir ons as voorbeeld by uitnemendheid van mense wat glo die weg van verlossing loop deur die onderhouding van die wet en die doen van goeie werke.

**4. Hoekom dink jy kom Nikodemus in die nag na Jesus?**

..............................................................................

..............................................................................

Voor die hand liggend voel 'n mens dat dit seker sy posisie as vooraanstaande godsdienstige leier is wat maak dat hy nie openlik na Jesus toe kom nie. Johannes spel dit dan juis so duidelik uit wie en wat hierdie Nikodemus was.

Ons moet egter ook nie vergeet dat Johannes iemand is wat voortdurend met simbole werk en dikwels 'n dubbele betekenis aan sake gee nie. Daarom is dit sekerlik nie te wyd gevat om te vermoed dat hy hierdeur ook wil aantoon dat Nikodemus uit die nag van sy wetswerke na Jesus as die lig van die wêreld kom nie.

**5. Hoekom begin Jesus sommer dadelik om met Nikodemus oor weergeboorte te praat? (Vgl 2.4)**

..............................................................................

..............................................................................

Dis ietwat vreemd voel 'n mens dat Jesus so uit die bloute vir hom sê hy moet weergebore word terwyl Nikodemus self tog oor die wonderwerke gepraat het.
Hierdie skynbare vreemdheid kan slegs verstaan word binne Johannes se hele benadering om die gespreksvoeringe wat hy opteken op 'n hoër vlak, 'n geestelike vlak te plaas.

Voeg daarby die agtergrond wat ons hierbo van naderby bekyk het en jy snap meteens dat Nikodemus met sy woorde "niemand kan hierdie wondertekens doen wat u doen, as God nie by hom is nie" homself klassifiseer onder die groep mense wat geglo het as gevolg van die wondertekens. Jesus as Messias wat in ons plek kom staan het figureer glad nie in hierdie geloof nie.

Dit saam met die feit van sy Fariseërskap wat hom dring om al meer en beter wetswerke te doen maak dat Jesus meteens glashelder weet Nikodemus vra eintlik: "**Help my dat ek ook sulke wondertekens soos u kan doen? As ek ook sulke wonderWERKE kan doen dan sal ek doodseker kan wees my wetswerke is genoeg om gered te word! Leer u my want op grond van u wondertekens kan ek sien God is by u**".

Dis duidelik omdat Jesus nie vertroue gehad het in sulke geloof nie(v. 24-25) en omdat hy bewus is van hoe die Fariseërs en dus Nikodemus godsdiens sien weet hy presies wat die diepste probleem van Nikodemus is - Sy bestaan is geanker in sy wetsonderhouding in plaas van in God se genade.

Hierdie teologiese sekerheid van hom word nie deur Jesus weerlê met skrifaanhalings of allerlei argumente nie. *Nee, op 'n veel dieper wyse plaas Jesus, Nikodemus se hele wettiese bestaan voor God, op die tafel.*

Kort en klaar sê Jesus eintlik vir hom: **"Man jy het nie nodig om wondertekens te kan doen nie. Wat jy nodig het is die *wonder* van weergeboorte".** Nikodemus moet besef dat godsdiens geheel anders werk as wat hy dink. Dis geensins in sy hande nie. Hy moet oor gemaak word, van bo af, deur die Heilige Gees.

Omdat hy vanuit 'n totaal ander agtergrond dink en leef kon hierdie self-made man dit glad nie begryp nie. Dis tog onmoontlik dat hy wat alles kan doen weer 'n baba kan word. Om die waarheid te sê geen mens kan so iets reg kry nie. Ja, hy wat volkome in beheer van sy selfdoen godsdiens was het sy godsdienstige moses teëgekom. En dit is presies wat Christus wou hê. *Nikodemus en alle mense moet besef daar is niks wat ek aan my redding kan doen nie. Dis geheel en al 'n saak van genade. Dit kom alles van God af.*

Dit is waarom Jesus so half skielik met hom hieroor begin praat. Hy weet Nikodemus moet die najaag van die wet los en die evangelie glo. Daarom gaan Jesus ten spyte van Nikodemus se onbegrip voort om die evangelie te verkondig. Jy moet deur water en Gees gebore word sê Hy vir Nikodemus.

**6. Vgl 2.5 en sê wat dink jy bedoel Jesus met die term deur water en Gees?**

.......................................................................................

.......................................................................................

Sommige mense lees dit so dat die water en Gees twee los staande sake is. Die water dui dan op die doop waardeur jy weergebore word. Die werking van die Gees word dan sigbaar in die spreek in tale wat voorkom by die doop as bewys of manifestasie van die Heilige Gees. Voor die hand liggend het hierdie wyse van verstaan al baie meer mense forseer om by die grootdoop in tale te spreek, as diegene wat dit al by dominees kom beklaag het.

Die feit dat Nikodemus toe nog nie eers bekend was met die praktyk van die christelike doop nie maak dit onlogies dat dit so direk na die doop verwys as weg van weergeboorte. Nog erger sal so **'n verstaan van weergeboorte as iets wat jy moet doen of najaag juis 'n goeie Fariseër net verder aan help op sy pad van selfdoen godsdiens.** En dit is presies die teendeel wat Jesus wou doen. Hy wou juis die selfvernietiging en sinloosheid van die mens se pogings om deur middel van die wet gered te word aan die kaak stel.

Die blote verwysing na die Gees moes al Nikodemus, as kenner van die Ou Testament, se oë oop gemaak het vir hierdie waarheid, want dwarsdeur die Ou Testament word *die Gees as gawe van die eindtyd aangedui en wel as herskepper van die lewe.* Die toevoeging van water, wat in 'n droë woestynlandskap 'n noodsaaklike middel vir lewe is, lig bloot hierdie leweskeppende karakter van die Gees verder uit.

Dat dit die korrekte manier is om "water en Gees" uit te lê, word versterk as mens dit herken as 'n dubbelterm(hendiadys vir die kenners). As ek byvoorbeeld sê: "Pieter Muller is 'n senter van yster en staal!" dan sal niemand vra hoe bedoel jy nou, watter deel is yster en watter deel staal nie.

Almal sal onmiddellik begryp wat bedoel word, want net soos vuur en vlam en vele ander dubbelterme, vorm hierdie twee woorde een begrip. Dit beteken doodeenvoudig hy is 'n sterk, stewige senter terwyl vuur en vlam weer aandui dat hy kookwater, oftewel goeie, rugby speel.

As soortgelyke dubbelterm is water en Gees twee woorde wat een vaste begrip vorm en dui dit nie op twee afsonderlike sake nie. Soos aangetoon dra albei hierdie woorde die betekenis van lewe - gewend en skeppend.

As die twee woorde saam gevat word in een dubbelterm word die betekenisse opeen gestapel. Mens sou dit kon verduidelik as water van die lewe(Gees) of Gees van die lewe(water). **Kort en klaar wil dit tot uitdrukking bring dat ons herskep moet word deur die lewegewende Gees.**

Enige verwysing na die doop lê op 'n sekondêre vlak van die ou mens wat begrawe word by die doop en die nuwe mens wat deur die Gees opgewek word. Saam hiermee kan ons ook Esegiël 36: 24-28 lees waar water en Gees die inhoud vorm van die Abrahamsbelofte.

**7.Wat kom eerste weergeboorte of bekering?**

....................................................................................

Almal weet deserdae al te goed dat die heil, soos wat ons dit dogmaties uiteensit in die heilsorde oftewel die heilsweg, *nie chronologies verstaan kan word nie.*

Vir diegene wat egter wat weergeboorte as 'n opdrag sien, soos 'n briefskrywer in die vorige uitgawe van VDM, bly weergeboorte 'n noodwendige iets wat bekering moet opvolg. Daarsonder is bekering en/of geloof niks werd nie. As dit nie aangevul word deur weergeboorte nie, sal jy die koninkryk van God nie ingaan nie.

**8. Hoe sal jy so iemand help om die diepte en omvang van die lewendmakende Gees se wederbarende werk te snap? Gebruik Johannes se beeld van die wind wat nie gesien kan word nie om die verhouding weergeboorte:bekering te belig.**

....................................................................................

....................................................................................

Sulke mense sal begelei moet word om te verstaan dat die heil, in al sy aspekte, 'n geskenk van genade alleen is. **Verder dat weergeboorte ook nie belangriker as bekering of geloof of volharding is nie. Dit is maar een van die maniere waarmee hierdie geskenk van heil beskryf word.** Die term weergeboorte teken die deurbreek van die heil in ons lewens toe aan die misterieuse werking van die Gees. Dit word vergelyk met die wind.

Alhoewel ons vandag se dae met al die sinoptiese kaarte en hoogdruk- en laagdruk stelsels so ietwat die wind of ten minste die rigting so nou en dan kan verklaar was dit in Johannes se tyd iets waarvan die mense niks geweet het nie. Hulle het maar doodeenvoudig die wind gevoel en sy effek gesien. Dit was iets wat met hulle gebeur het. Mens sou selfs kon sê iets waaraan hulle uitgelewer was. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is sê vers 8.

By al ons weerkundige kennis kan ons vandag steeds nie die oorsprong van al hierdie stelsels verklaar, verander of keer nie. As dit by die kennis van God se heilswerking met ons kom kan ons dit veel minder verklaar.

Hierdie onuitspreeklik wonderbare werking van die Gees wat oor ons lewens waai is deel van God se genadige bemoeienis met my. Dis iets wat Hy buite myself, van bo af, met my doen. Daarom is dit nie iets wat ek kan of hoef te verklaar nie. **Dis iets wat ek slegs moet glo.**

Met so 'n geloof word die vraag wat eerste is, weergeboorte of bekering totaal irrelevant. Ek wonder dan nie oor my weergeboorte nie, maar verlustig my in die effek van die Heilige Gees in my lewe.

Ek weet nie hoe dit gebeur het nie, maar ek glo in Jesus wat vir my verhoog is aan die kruis(v.14 en 15). Ek weet nie waarom nie maar ek lê uit dankbaarheid daagliks die ou mens af en neem die nuwe mens op. My lewe loop nou 'n nuwe koers. Vanweë my sondige aard weet ek dit is nie as gevolg van iets in myself nie, daarom kan dit net die wind van die Gees wees wat my in daardie rigting waai. Hoe anders? **So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.**

Sonder om die hele aartappelkar nou weer om te gooi in 'n volgorde van eerste of hoeveelste is dit tog duidelik dat die wind van die Gees die krag is wat die boom laat buig en nie andersom nie. *Daarom sal ons ten slotte moet getuig dat dit kwalitatief onmoontlik is dat weergeboorte na bekering kan kom soos ons Pinkstervriende dit wil hê. Dis egter nie onmoontlik andersom nie.*

Natuurlik kan dit ook in ons lewens saamval maar in terme van die beeld is dit duidelik, **die een is die bewerker van die ander**. Sonder die onweerstaanbare wederbarende werking van die Heilige Gees(inwendige roeping as jy wil) wat ons nuut maak, is buig voor God(geloof, bekering ensovoorts) nie moontlik nie. Weergeboorte as opwekking van 'n dooie moet dus altyd geloof en bekering en wat ook al, kwalitatief vooraf gaan, al is dit met een miljoenste van 'n millisekonde.

**8. Evalueer nou die term** "*weergebore christene*"**?**

Dit is nie net 'n geheel en al onnodige stuk toutologie nie maar spreek ook van 'n totale misverstand. Christen wees is vierkantig geanker in die vernuwende werking van die wederbarende Gees. Dit beteken as jy 'n christen is, is jy weergebore, want sonder die Gees wat jou nuut maak kan jy nie 'n christen wees nie.

Hierdie kategorisering van christene met allerlei byvoeglike naamwoorde soos **ware, opregte, suiwere, deur-die-bloed-rein-gewaste** en oneindig vele meer is 'n tipiese Fariseërsmodel van ek het darem al so ver gevorder, waar staan jy?

Om dit teë te staan en reg te stel sal ons doodeenvoudig die naam christen en die begrip glo moet revalueer sodat mense die troos en die krag wat daarin opgesluit is kan verstaan en glo.

Ons moet dus nie vir mense vra of hulle weergebore is nie maar die vraag wat ons wel moet vra is: "Glo jy?" Oftewel, **buig jou takke voor die wind van die Gees,** want weergeboorte is soos die wind wat waai, niemand kan hom sien nie. Net dit wat hy doen, sy effek, is sigbaar.

As jy dus glo, is jy 'n christen, is jy weergebore. Om van dit naas geloof, 'n aparte saak te maak wat jy moet najaag is 'n gejaag na wind. Om van weergeboorte 'n opdrag te maak soos die genoemde briefskrywer in VDM is om jouself in geheel en al in 'n dwarrelwind te bevind.

Geloof alleen is die appèl wat na Nikodemus toe gekom het, want as Jesus weergeboorte sou bedoel het as iets wat hyself kon doen sou dit hom as yweraar van die wet juis baie goed gepas het. In teenstelling heirmee wou Jesus juis Nikodemus wys op die futiliteit van sy eie pogings en die grootheid van die genade in Christus wat vir ons verhoog is sodat ons kan lewe(Jh. 3: 15-116).

## C. SAMEVATTING

Johannes gee vir ons hier 'n gesprek weer, nie maar net tussen Jesus en Nikodemus nie, maar eintlik tussen die kerk en die sinagoge(valse kerk). Die boodskap van hierdie gesprek moet vandag net so onverskrokke en onvervals verkondig word naamlik: "**om in te gaan in die Koninkryk van God is geen vrome onderhouding van die wet nodig nie, maar 'n radikale herskepping deur Gods Gees.**"

In vandag se taal kom dit daarop neer dat geen "**hartgrondige ware bekering**", of "**opregte gebed**" of "**liefdevolle dankbaarheidslewe**" of selfs "**'n jaag na weergeboorte**" jou red nie, maar alleen God. Hy doen dit deur die wederbarende werk van die Heilige Gees wat jou laat glo in Jesus, die verhoogde(Joh. 3:16).

Om mense dus te konfronteer en te bepreek oor hulle weergeboorte is dus geheel en al onvanpas, synde dit nie 'n saak is waaraan hulle iets kan doen nie. Weergeboorte is die onkeerbare werking van die Gees wat waai waar Hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie.

Eers met die perfect vision of hindsight kan 'n gelowige terugkyk en weet my geloof, my bekering is nie uit myself nie, maar aan die onbegryplik wonderlike en onweerstaanbare werking van die Heilige Gees, dit wat ons weergeboorte noem toe te skryf.

**Weergeboorte is dus nie iets waarmee jy mense konfronteer nie, maar waarmee jy hulle troos.** *Troos dat hulle nie hulleself deur wetswerke in die koninkryk in hoef te werk nie, maar dat God hulle in hulle bankrotskap oor maak, herskep sodat hulle as nuwe mense reg en gereed kan wees daarvoor.*

**Die wat nie daardeur getroos wil word nie, vir hulle is weergeboorte 'n harde woord waarmee hulle, soos Nikodemus, in hulle eie selfgeregtigheid plat geslaan word sodat hulle kan leer om alles van bo af te verwag.**

As die werking van die Gees, wat my in beweging bring om te glo, te buig voor die wind van die gees, is hierdie wederbarende werk van die Heilige Gees nie 'n eenmalige saak waarmee weergeboorte dan afgehandel is nie. Nee, weergeboorte is as 'n voortgaande proses die voortdurende werk van die derde persoon van die Drie-eenheid waardeur ons elke dag tot geloof en 'n nuwe lewe van bekering gebring word. As sodanig sal dit eers by die weerkoms afgehandel wees wanneer God alles in ons almal sal wees.

## D. DANKGEBED

*Heilige Gees,*
*Baie dankie dat u my 'n nuwe mens gemaak het wat in geloof tot U kan bid.* ..............................................
.................................................................AMEN.

Danie O'Reilly
Ned. Geref. Kerk Benoni-Oos

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

# DIE CHRISTELIKE TROOS (5)

## SOLUS CHRISTUS: CHRISTUS ALLEEN!

**(Maar wat van al die voorwaardes?)**

### 1. TERUGBLIK

In die vorige studies het ons gesien dat God uit genade alleen aan die gevalle, verlore mens, troos bied. Hierdie troos is geopenbaar(ook vanuit God se genade en tot sy eer) in sy Woord. Vanuit hierdie geopenbaarde woord word die mens getroos, daarom roem die christen in die "Skrif alleen". Die mens deel in hierdie troos deur die "Geloof alleen". Sy eie wil, kennis of goeie werke bied geen troos nie.

### 2. GESPREKSVRAE

*2.1"Bekeer julle en glo die evangelie". (Mk. 1:15). Is bekering en geloof voorwaardes vir verlossing?*

*2.2"Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word". (Mk. 16:6).*

*1. Is die doop 'n voorwaarde vir verlossing?*

*2. Is iemand wat gedoop is, gered?*

*2.3"Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy geloof nie".(Jak. 2:24).*

- **Is goeie werke nou 'n voorwaarde vir verlossing?**

Hierdie lys van voorwaardes kan nog uitgebrei word. Kyk of jy nog 'n paar kan byvoeg.

### 3. DIE VOORWAARDE VIR DIE TROOS - SOLUS CHRISTUS (Christus alleen!)

God se voorwaarde om die mens aan sy toorn te laat ontkom en aan hom troos te bied, is dat daar aan sy geregtigheid voldoen moet word en dat die sonde van die mens tydelik en ewig gestraf moet word.

God se voorwaarde...is dat daar aan sy geregtigheid voldoen moet word en dat die sonde van die mens tydelik en ewig gestraf moet word.

HK vraag 12, NGB Art.14: "...so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien ..". Lees ook DLR 2.1"..Sy geregtigheid eis ...".

Geen mens kan aan hierdie strawwe voorwaarde voldoen nie! DLR 2.2 "Ons self kan geen voldoening gee om ons van die toorn van God te bevry nie ..." Vgl. ook vrae 13 en 14 van die HK.

God voldoen self aan die voorwaarde deur die menswording van Jesus Christus! Die DLR 2.2 vervolg: "...Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons, of in ons plek, sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen".(Vgl. ook H.K. vraag 18 en NGB Art. 20-21).

Daarom dui alles wat ons reeds bespreek het (genade alleen, Skrif alleen, geloof alleen) net op een persoon - CHRISTUS ALLEEN! Hy alleen kan aan die gestelde voorwaarde voldoen, daarom kan Hy alleen troos bied!

Christus alleen kan aan die gestelde voorwaarde voldoen

**"Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie, maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is"('n verdere voorwaarde), "sou gruwelik godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is ..." (NGB Art.22).**

### 4. WAT DAN VAN GELOOF, BEKERING, WERKE ENS.?

Die wyses van Dordt het reeds 'n gevaar bemerk wat in ons dag baie akuut is nl. om bogenoemde sake en nog veel meer as voorwaardes vir verlossing aan die mens te verkondig.

So asof dit dan die mens se aandeel, sy verantwoordelikheid, vir die verlossing is. Hierdie aandeel van die mens vir die troos word dan met vers en al gestaaf en die voorwaarde wat gestel word: "Kom", "maak oop", "neem aan", "bely", "glo en bekeer", "glo en doen (en doop ook)" ontneem die mens sy troos, want 'n plus by Christus alleen, maak 'n nul of minus van die troos.

> *'n Plus by Christus alleen, maak 'n nul of minus van die troos.*

Om hierdie sake in die regte lig te plaas, het die geleerdes van Dordt dit reeds vroeg in die DLR duidelik gestel dat geloof, gehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid nie voorwaarde of rede vir die troos is nie - 1.9. In 1.12 word dit as die "onfeilbare vrugte" van die verkiesing beskryf.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 4 jg 2/3 Oktober 1992

Kom toer saam met TAFELBERG TOERE TOURS

Posbus 2686
Tel: (011) 674-2740
Johanneburg

* lae pryse
* puik diens
* gemoedsrus

Gelisensieërde lid van die Raad vir Reisagente

Daar moet 'n paar goeie redes wees

waarom meer en meer
GESOUTE TOERLEIERS
by TAFELBERG TOERE inskakel.

* * * * *

Is dit nie tyd dat u
ook met ons in gesprek tree nie?

Skakel DALEEN STEYN by
Tel.: (011) 674-2740

Vandag nog ! ! !




*Gehoorsaamheid, heiligheid ens is nie voorwaardes vir die troos nie, maar die "onfeilbare vrugte" van die verkiesing.*

In die verwerpings van hoofstuk 1 word dit as dwalings verwerp (sien verwerpings 3 en 4) maar veral 5 wat die stelling duidelik **verwerp** dat: "Die geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding is dus nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, maar noodsaaklike voorwaardes en oorsake daarvan".

Die NGB Art. 22 wys ook die kreatiewe funksie van geloof af. Geloof is dus nie 'n voorwaarde wat by Christus gevoeg word nie, maar slegs die middel (gawe) waardeur Christus se voldoening aan die voorwaarde ons s'n word. Bekering is dus ook nie 'n verdere voorwaarde nie, alhoewel noodsaaklik is dit 'n noodsaaklike gevolg van die troos in Christus en nie 'n noodsaaklike voorwaarde om die troos deelagtig te word nie.

Christus alleen, sy weldade vir die sondaar, is ons troos. Hy troos dus nie bekeerdes, wedergeborenes of selfs gelowiges nie, maar sondaars. In hierdie sondaar bewerk Hy dan die nuwe lewe, die geloof, bekering en al die saligmakende gawes. "**Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is .... In die wil stort Hy nuwe eienskappe in ..... Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.**

*Christus alleen is ons troos. Hy bewerk die nuwe lewe, die geloof, bekering deur die Gees wat die weergeboorte skenk.*

Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, ....... wat God sonder ons in ons werk. DLR 3\4. 11-12.

CHRISTUS ALLEEN IS DUS ONS TROOS, en daarom roem ons slegs in Hom en niks anders nie.

Hierdie troos is ook nie 'n algemene aanbod aan almal om te aanvaar of te verwerp sodat of almal gered kan word of niemand nie.(Dit is Arminiaans). God se troos, sy genadebeloftes is geadresseer, en hier is die verbond (doop) ter sprake, maar daaroor volgende keer.

Alwyn Roux
Ned. Geref. Kerk Selcourt

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

**PREEKSKETS** **Johannes 3: 16**

# GELOOF ALLEEN!

Baie mense kom in opstand teen die gedagte dat jy gered word deur Geloof alleen. Ek wil saam met hulle stem. Ek wil dit net nog duideliker stel nl. dat geloof jou glad nie kan red nie - nie geloof en werke en ook nie geloof alleen nie. Die rede is omdat GELOOF DOLLEEG IS

Ja, Broers en Susters, geloof het geen invloed nie, jy kan niks by God verdien daarmee nie. Geloof is nie iets wat jy kan aanbied op grond waarvan die Here jou moet red of waarom hy jou behoort te red nie.

Geloof is leeg. Dit kan jou niks in die sak bring nie. Geloof beteken jy staan met leë hande.

Hierop sal u nou wel vir my kan sê maar die Bybel en die Belydenisskrifte is tog baie duidelik dat jy "deur geloof en geloof alleen gered word". Jy sou verder kan sê dat die teks onder bespreking juis sê "sodat die wat glo gered kan word".

En dit is reg, jy moet glo - die vraag is net wat is geloof, hoe doen 'n mens dit, wat is die aard, die inhoud van geloof. Dit is onmoontlik dat geloof 'n voorwaarde vir redding kan wees. As dit waar is dat geloof die iets is wat ek moet doen om gered te word dan is dit tog duidelik 'n werk, iets waarmee ek God behaag, oftewel iets waarmee ek God se guns verdien. En dit kan tog nooit waar wees nie.

Geloof kan nooit die grond vir jou redding kan wees nie en as die teks sê sodat .... moet ons hierdie sodat nie verstaan as sou geloof nou die oorsaak van redding wees nie.

Dit beteken nie hulle word gered **omdat** hulle glo nie, maar **omdat** Jesus Christus gestuur is word hulle gered deur of langs die weg van geloof. Geloof is nie die grond vir redding nie maar die middel waarmee dit tot ons kom.

Baie keer sê mense geloof is slegs die leë hand van die bedelaar wat die redding aanvaar. So probeer hulle dan die leegheid van geloof duidelik maak. Maar alhoewel dit 'n mooi en vroom beeld is, is dit tog maklik vatbaar vir misverstand.

Een van die grootste ketters in die geskiedenis naamlik Arminius het dan ook hierdie beeld gebruik. Vir hom was hierdie leë hand van die bedelaar die mens se aandeel in sy redding.

'n Ander beeld wat predikante dikwels gebruik, is die van 'n tjek wat gewissel moet word. God sou dan vir jou 'n tjek gee met sy handtekening op(dit is die redding) maar dit het geen effek as jy dit nie gaan wissel nie(dit is geloof). **So gee God die redding maar dit het eers effek as jy dit glo.**

Geloof is hier sonder twyfel iets wat jy doen. Iets wat jy aanbied om gered te word. So kry geloof die karakter van jou aandeel in die redding. Dit terwyl die diepste wese van geloof een van niks doen is.

Ja, as ek sê ek glo dan sê jy eintlik daarmee ek kan niks doen om gered te word nie. Ek glo ek kan niks aanbied nie, nie eens my geloof nie - want ek word gered, uit genade alleen.

Dit, is die ware aard van geloof. Naamlik dat dit weg draai van die self af na God toe, dat dit sê, genade alleen red my. Geloof is met ander woord om op te hou iets doen. Klink dit vir jou te maklik?

Dan wil ek vir jou twee dinge sê:
1.Dit is so maklik - eintlik nog makliker, daarom noem ons dit dan ook die evangelie of in afrikaans die blye boodskap.
2.Dit is verskriklik moeilik - probeer dit gerus. Sê 'n bietjie: **"Ek kan niks doen nie, nie eers glo nie".** Dit is baie moeilik - ons mense wil so graag self dinge uitwerk, bewerk - meewerk aan die redding dat dit vir ons eintlik onmoontlik is om te sê ek kan niks doen nie - die genade alleen kan my red. Dit is vir ons nie net moeilik nie maar ook onmoontlik om dit uit ons eie te sê. Ons kan dit wel sê as die genade ons dit laat sê - as die genade ons dit laat glo.

Hierdie hele saak kan in die volgende twee keuses saamgevat word. Of jy sê geloof gee genade of jy sê genade gee geloof, met ander woorde ek kry

ISSN 1017-6837 VDM-no. 5 jg 3/1 April 1993

# GELOOF ALLEEN! Vervolg van bl. 31

deel aan die genade omdat ek glo - so geloof is 'n voorwaarde en verdienste, of ek glo omdat God my laat deel in die genade. Dan is dit 'n gawe van God - die middel waardeur God my red uit sy genade.

Almal van u is seker al een of meer kere in u lewe gekonfronteer met die vraag: As jy vandag doodgaan, waar sal jy heengaan. As jy sê hemel toe moet jy gewoonlik ook kan motiveer hoekom jy so sê? 'n Ander variasie is die een waar ou Petrus jou by die ewige poorte voorkeer met die vraag, waarom moet ek jou inlaat?

Behalwe dat beide hierdie vrae in hulleself twyfel dra, want mense word normaalweg bedreig deur die dood, ondergrawe dit die leegheid en dus die ware aard van die geloof, want die antwoord wat veronderstel en gesoek word lui gewoonlik: "want ek glo in Jesus Christus as my persoonlike saligmaker" of iets in dier voege.

So goed en mooi en reg dit ook al mag klink is geloof hier die rede waarom hy ingelaat moet word. Hy sê as te ware - maak oop, **want ek glo.** Geloof het nou sy kaartjie hemel toe geword.

'n Veel uitnemender weg sou wees om doodeenvoudig te antwoord: "want Jesus Christus is my Redder". Hier gaan dit glad nie om my geloof nie, alhoewel ek glo - want ek stel my vertroue in Jesus Christus, maar ek bou nie op my vertroue nie, maar op Jesus Christus alleen.

Eintlik sê ek daarmee: Moenie my vra nie ek kan niks doen nie, ek is te sondig, maar gaan vra vir Jesus Christus. Hy sal jou kan sê, Hy het vir my sondes gesterf!

Dit, is geloof. Al gebruik jy nie eers die term glo of geloof nie. Want dit toon die ware aard van geloof aan, naamlik dat Jesus Christus alleen my red. So blyk dit Hy is nie net my kaartjie hemel toe nie, maar Hy is self die WEG, die DEUR. Amen

Danie O'Reilly
Ned. Geref. Kerk Benoni-Oos

